Liturgie in die spanningsveld tussen die Gereformeerde tradisie en Charismatiese vernuwing binne die konteks van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika.

Deur

BENJAMIN CHARLES ROELFSE

WERKSTUK INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLTOOIING VAN DIE GRAAD

MAGISTER DIVINITATIS

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

FAKULTEIT TEOLOGIE

DESEMBER 2007

Studie leier :Prof.J.H Cilliërs

Verklaring

Ek die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen in die geheel of gedeeltelik by enige Universiteit terverkryging van ‘n graad voorgelê het nie.

Handtekening .....

Dutum .....

Kopiereg © 2007 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

OPSOMMING

Die kerk en by name die Gereformeerde tradisie, bevind hom vandag in ‘n situasie waar daar geweldige spanning heers tenopsigte van Gereformeerde tradisie en die Charismatiese vernuwing binne die erediens. Binne die bestek van hierdie tesis sal daar gekyk word na die spannings veld tussen die Gereformeerde tradisie en Charismatiese vernuwing binne die die konteks van die Vereenigende Gereformeerde kerk in Suider Afrika.

Die tweede hoofstuk van hierdie tesis is ‘n interpreterende oorsig van wat tradisie binne die Gereformeerdheid behels asook waar en hoe die Charismatiese bewegings sy impak in die Suid Afrikaanse konteks sowel as wêreldwyd gemaak het. met spesifieke verwysing na vrae wat gevra word rondom gereformeerdheid en gereformeerde skrifgebruik.

Daar bestaan ‘n groot leemte rondom die Godsdienstige beeld van lidmate in die Gereformeerde tradisie en die rykheid wat daarmee gepaard gaan. Baie keer besef lidmate nie wat die omvang van die rykheid is nie en dat daar soveel charismatiese elemente in is wat net ontdek moet word.

Dat daar spanning ervaar word is nie te betwyfel nie. Ons lewe in ‘n vinnig snellende samelewing waar die kerk moet tred hou met wat in die wêreld gebeur. Gereformeerde tradisie is ons erfenis en die kern waarde van gereformeerde leer vind ons ingegraveer in die kerk se belydenis as gelowiges.

Charismatiese vernuwing binne die erediens het vandag ‘n groot uitdaging geword vir die Gerformeerde tradisie.

Baie lidmate ervaar ‘n oplewing in hulle geestelike lewe,in die sin dat hulle kursusse bywoon , inskakel by selgroepe , die Bybel bestudeer en teologie studeer. ‘n Golf van geesvervulling tref die sameleweing en die kerk, Die vraag is egter mag ons charismaties wees in ons gereformeerde tradisie ?

Die doel van die studie sal wees om aan te toon dat,daar spanning heers en indien die spanning ontlont word, en op ‘n verantwoordelike wyse hanteer word daar probeer word om doeltreffende bedieningsstrukture in plek te stel waar die erediens ‘n tuiste vir almal kan wees, binne die VGK.

Druk word van verskeie kante ervaar na vernuwing, die vraag is hoe ? en die antwoord is verantwoordelik. Dit is waarom ek dit in my hipotese stel, dat die spanning tussen tradisie en

charismatiese vernuwing binne die erediens ontlont kan word deur ‘n hernude verstaan van wat gereformeerde liturgie en spiritualiteit beteken, daar moet egter ‘n balans gehandhaaf word juis interme van die sensitiwiteit rondom die saak.

Die volgende aspekte sal in die tesis aan die orde kom,

- Om ‘n interpreterende oorsig te gee oor die tradisie binne die gereformeerdheid en charismatiese bewegings as ‘n “verskynsel” in Suid Afrika,
- Wat dit beteken om gereformeerd te wees,
- Te kyk na wat geleer kan word by charismatiese bewegings,
- Dat as gereformeerdes in die beoordeling van die charismatiese bewegings die volgende sterk uitgespreek moet word:
- Dat die kerk nie anders kan as om dankbaar te wees oor elke teken van nuwe lewe wat op geestelike terein sigbaar word nie .
- Die Charismatiese beweging die kerk in ‘n sekeresindwing om hand in eie boesem te steek met die vraag of die beweging nie die gevolg is van koue atmosfeer in die kerk nie.

ABSTRACT

The church today, and esspecially the Reformed tradistion find itself in a situation where there is a lot of tension regarding his identity, as a Reformed Church. The post-modern world we live in set a lot of challenges regarding our faith and how we as christains should deal with our embodyment as reformed christians

The church and specificaly the Dutch Reformed family are facing daily the lost of a lot off members to the fundamentalistic movements. Members whom are seekers in their fath and whom were in some way or another been challenged by a desire to take their faith to a higher level of experience, which in their lives cannot get satisfaction any more in the reformed tradition.

In this thesis I will try to destinquist the balance between Reformed tradistion and Pentecostalism. The thesis will try to embodied the identity of the Reformed tradision by give an overview , look into the questions regarding reformed tradition, what does it mean to be Reformed and proud and also what Reformed use of scripture entails. Allthough it is not the first time that questions like this has been raised, because reformed in the tradition means , to change contantaniously.

Pentecostalism on the other side does have a long history regarding orgin and was not just an "appearnce" in the church. The apostle Paul in the early days of the church was in a certain sence very specific obout the gifts of the Holy Spirit and the space for exploration as set out in "1 Korinthians 12." Over the years many enthusiastic movements appeared which led to a total misunderstanding of what Pauls understanding was regarding pentecotalism.

Regarding Pentacostalism, and the judging of the movement , the church will have to view their concerns very strongly in terms of the following, appreciation, make accesment regarding their weakness, thoughtfullness and their plan of action.

Then the paradigm shifts, ecclesiasticly and liturgical deepening are essential factors in the whole enlightenment towards a more adopting mode. To change does not necesarilly mean to throw all the norms and vallues over board, but to do so in a responsible way.

The worship service become in that matter the focal point of attention, including all the elements within the service , searching for ways to improve , ad or adapt. What the worship service is and are suppose to be , a trully place where God allone are been worship and where the Holy Spirit

transformes people into living witnesses. The thesis conclude with a usefull set off guidelines according to Thomas Long in his book Beyond the worship wars where he challenge the church to a more transforming way of being church of God.

Spesiaal opgedra aan my Vrou en Seun :

LORETTA

My,vertroueling en beste maat...wie altyd in my glo...

EN

KALANJI

My inspirasie, en motivering om te volhard...

Vir julle onbaatsugtige vertroue, geduld , liefde en ondersteuning.

BEDANKINGS

SOLI DEO GLORIA

AAN GOD AL DIE EER..

.

Soos ‘'n Samuel van ouds “1 Samuel 7 vers 12” :
“...Tot hiertoe het die Here my gehelp”

Hartlike dank en waardering aan my Ma en susters vir julle volgehoue ondersteuning, bystand en gebed.

Hartlike dank en waardering aan my studie leier :Proffesor J.H. Cilliërs vir al u hulp, bystand insig en wysheid.

My studente maats, Du Bois, Jaykie, Charlton , Marlene en die res, julle het my teologiese horisone oneindig verbreed.

My vriende, my skoon familie,die Naik gesin vir julle volgehoue ondersteuning en motivering.

Hartlike dank aan my weldoener, Mnr en Mev A Le Roux vir u onbaatsugtige bystand en gebede.

Groot dank aan almal in my tuis gemeente VGK Blanco vir die ruimte gebied waarbinne ek my Godsdienstige en Teologiese aspirasie kon vervul.

Hartlike dank aan Me Gail van Wyk vir die proeflees van die werkstuk.

AAN GOD AL DIE EER...

Inhoudsopgawe **Bladsy no**

Hoofstuk 1

Inleiding tot studie

1.1 Inleiding en probleemstelling.....12

1.2 Probleemstelling.....12

1.3 Hipotese.....14

1.4 Doel van die studie.....14

1.5 Motivering vir die studie.....14

1.6 Navorsings Metodologie.....14

Hoofstuk 2:

'n Interpreterende oorsig van tradisie binne die Gereformeerdheid

2.1 Tradisie en Gereformeerdheid.....15

2.1.1 Vrae wat gevra word ten opsigte van Gerformeerdheid.....15

2.1.2 Hoe reageer ons op die vraagtekens.....16

2.1.3 Wat beteken "Gereformeerd.....17

2.1.4 Wat is Gereformeerde Skrifgebruik.....18

2.1.5 Samevatting.....19

2.5. Die Charismatiese beweging in Suid Afrika.....20

2.5.1 Charismatiese bewegings as 'n "verskynsel" in Suid Afrika.....21

2.5.2 Wat is die negatiewe uitdagings van Charismatiese bewegings.....22

2.5.3 Pentekostalisme.....23

2.5.4 Neo Pentekostalisme.....24

2.5.5 Die volgende aspekte van wat die Bybel ons leer oor die dinge wat in die Charismatiese bewegings sterk benadruk word.....25

2.6. In die beoordeling van die Charismatiese bewegings sal die kerk die volgende sterk moet uitspreek:.....25

2.6.1. Waardering.....26

2.6.2. Hand in eie boesem.....26
2.6.3. Belikheid in beoordeling.....27
2.6.4. Bedenkinge.....29
2.6.5. Die optrede van die kerk.....31

Hoofstuk 3:

Paradigma skuiwe Ekklesiologiese Paradigma skuiwe, ‘n verdieping van die liturgie

3.1 Vernuwing as ‘n Bybelse opdrag.....34
3.2 Vernuwing as die werk van die Heilige Gees.....35
3.3 Vernuwing as ‘n oproep tot gehoorsaamheid en dissipelskap.....36
3.4 Die erediens as die hartklop van die gemeente.....36
3.5 Wat gebeur presies in die Gereformeerde erediens.....38
3.5.1 ‘n Liturgiese orde.....39
3.5.2 Votum.....40
3.5.3 Seëngroet.....40
3.5.4 Die Geloofsbelydenis en die Wet.....40
3.5.5 Sang.....41
3.5.6 Skriflesing en Gebed.....41
3.5.7 Diens van die Gebede.....41
3.6 Die dinamika van die Gerformeerde erediens.....41

3.7 Vernuwing in die Gerformeerde erediens.....42
3.8 Die karakter van die erediens.....43
3.9 Die erediens as ontmoeting tussen God en Sy volk.....43
3.10 Die erediens as verbondsgemeenskap.....44
3.11 Die erediens as ‘n fees.....44
3.12 Die erediens as gesamentlike aanbidding.....45
3.13 Verouderde patrone.....45
3.14 ‘n Lewende erediens.....47

Hoofstuk 4:

Wat is dus verantwoordelike vernuwing (Tom Long)

4.1 Long se uitdagings.....49

4.2 Waarom besoek mense die erediens.....50

4.3 Mense kom erediens toe om ‘n gevoel van “ek behoort aan te ervaar”.....51

4.4 Die uitdagings van musiek.....52

4.5 Die aanbiddingsruimte.....53

4.6 Uitnodiging na die vreugdesviering.....55

4.7 Leierskap.....56

4.8 Samevatting.....57

5. Bibliografie.....58

Hoofstuk 1.

1.1 Inleiding en Probleemstelling

Die vraag waarmee die navorser omgaan is , gegewe die spanning tussen die gereformeerde tradisie en charismatiese vernuwing binne die erediens in die konteks van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika, hy graag die huidige situasie verder wil ondersoek en bepaal watter moontlike riglyne daar gestel kan word om die probleem positief en tot voordeel van die gemeente te kan benader.

1.2 Probleemstelling

Oor die jare heen was daar ‘n tradisie vaste liturgiese orde, met ander woorde hoe die erediens daaruitsien , binne die Gereformeerde kerk in spesifiek die VGK opgebou. Die verwagting is dus al die jare geskep dat daar met die liturgiese orde vereenselwig moet word. Sekere tradisies is so oud soos die oudste lidmaat in die gemeente self, en daar word steeds sterk daaraan vasgeklou.

Die koms van die nuwe millenium, het noodwendige veranderinge tot gevolg gehad. Ons lewe nou in ‘n post moderne samelewing, waar die lewe noodwendige veranderinge op alle tereine van die samelewing sal noodsaak, iets waarmee die kerk nie altyd mee rekening hou nie.

Die hunkering na vernuwing veroorsaak dat die kerk op ‘n daaglikse basis groot getalle lidmate verloor, wie erder verkies om by charismatiese bewegings aan te sluit.

Die probleem veroorsaak veral ‘n tipe identiteitskrisis by die opkomende jeug , en veral by getroue lidmate wat die verliese swaar voel, maar getrou wil bly aan die leer van die VGK tradisie. Sodanige situasie is menslik gesproke verstaanbaar.

Die spanning ontstaan egter binne die erediens, die plek en geleentheid waar gelowiges byeenkom om die aangesig van die Here te soek en gemeenskap met Hom te hê.

Die navorser is ook van mening dat die volgende aspekte in ‘n sekere sin kan bydra tot die spanning wat tans heers in die VGK se tradisievaste liturgiese orde.

- Daar het dramatiese gebeure plaasgevind binne die geledere van die VGK, die vereniging van die NGSK en NGKA. Die verskillende kulture en strominge maak almal aanspraak op Gereformeerdheid. Hierdie tendens roep ook weer na ‘n herbesinning oor die tradisie binne die VGK wat nie meer tred hou met die snel veranderende lewensdomeine nie.
- Ek glo dat charismatiese vernuwing die spanning kan breek en positief tot voordeel van die gemeente gebruik kan word, en dat pogings aangewend kan word om die rolspelers tot verantwoording te roep.
- . In die lig hiervan is ek ook oortuig dat so ‘n studie absoluut noodsaaklik is.
- Kerkrade en gemeentes weet nie altyd hoe om die vraag oor verandering te hanteer nie. Persoonlik is ek van mening dat ek defnitief ‘n poging kan aanwend om in hierdie verband leiding te kan verskaf, maar ook ‘n persoonlike geleentheid waaarin ek in die proses saam sal kan groei.

1.3 Hipotese

My hipotese is: Die spanning tussen tradisie en charismatiese vernuwing binne die erediens kan ontlont word deur ‘n hernude verstaan van wat Gereformeerde liturgie en spiritualiteit beteken.

Die volgende aangeleenthede sal in die studie aan die orde kom.

- Die omstandighede van gemeentes en hoe ekonomiese, kulturele en maatskaplike faktore die bedieningsstyle van die VGK beïnvloed.
- Die VGK in SA het ‘n kruispad in sy bediening bereik en moet ‘n lewensbelangrike bedieningskeuse maak wat sal bepaal wat die pad vorentoe moet wees.
- Slegs indien ander bedieningsstrukture ontwikkel en geïmplimenteer word , soos bv, charismatiese spiritualiteit, Bybelskole, leierskap, wat geestelike onderig insluit, ens sal die kerk haar lidmate behou en haar roeping volvoer.

Doel van die studie

Die doel van die studie sal wees om aan te toon dat, indien die spanning ontlont word, en op ‘n verantwoordelike wyse hanteer word en daar probeer word om doeltreffende bedieningsstrukture in plek te stel, die erediens ‘n tuiste vir almal kan wees binne die VGK.

1.5. Motivering vir die studie

Na die waarneming dat lidmate in groot getalle die gereformeerde kerk verlaat na charismatiese bewegings het die volgende vrae by my groot kommer gewek:

- Waarom sê die lidmaat die kerk is “dood” en hulle nie geestelike kan groei nie.?
- Waarom lyk Charismatiese kerke beter as ons gevestigde kerke ?
- Watter leemtes is daar in Gereformeerde spiritualiteit.?
- Dat die charismatiese bewegings ‘n uitdaging aan die gereformeerdes stel.?
- Die geestelike leemtes in ons spiritualiteit?
- Hoe ons geestelike groei hanteer en die ruimte daartoe gebruik
- Hoe armoede , werkloosheid, modernisasie , post modernisme bydra tot die situasie binne die kerk?
- Waarom oor die jare nie daadwerklik tot die stryd toegetree word nie ?

1.6 Navorsings metodologie

Hierdie werkstuk word aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die MDiv kursus. Die ontledingseenheid van hierdie navorsing is ‘n bepaalde godsdienstige groepering nl die VGK in SA.

Hierdie navorsing is dus kwalitatief van aard. Daar word dus nie gepoog om kwantitatiewe inligting in te samel nie maar eerder om te verstaan , te interpreteer en te verklaar.

Hoofstuk 2 ‘n Interpreterende oorsig van tradisie binne Gereformeerdheid

2.1 Tradisie en Gereformeerdheid

Gereformeerde integriteit

Daar bestaan geloofstradisies binne die Christendom asgevolg van hulle onderlinge verskille en kritiek. Elkeen maak duidelik wie hulle self nou eintlik is deur te probeer vertel soos hulle nie is of wil wees nie, waarvoor hulle nie staan of wil staan nie.

So was dit ook met die Gereformeerde tradisie. Dit was juis vanweë die feit wat Calvyn en andere egter die godsdiens van hulle tyd bevraagteken het, dat hulle as Gereformeerdes ontwikkel het.

Dit is dus vanselfsprekend dat ons met ‘n vica versa situasie gekonfronteer sal word, met ander woorde dat meer vraagtekens agter hulle as Gerformeerdes geplaas sal word.. **(Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998).**

Dirkie Smit is van mening dat hierdie vraagtekens so erg geword het dat dit tot magstryde selfs tot oorloë en vervolging aanleiding gegee het. Gerformeerdes het met hulle lewens betaal vir die vraagtekens wat ander agter hulle geplaas het. so ook het gereformeerdes al andere met hul lewens laat betaal vir die vraagtekens oor hul standpunte en optrede. . (Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998)

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is geskryf om antwoorde te verskaf op sulke dreigende vraagtekens oor die Gereformeerdes.

Die Dortse leereels is opgestel in ‘n poging om helderheid te bring oor ‘n tyd toe vraagtekens oor die Gereformeerdheid lidmate en gemeentes verwar en met onseker gelaat het. Dit is dus ook nie verniet dat die Heidelbergse kategismus in die vorm van vrae en antwoorde geskryf is nie. Daarmee word die vrae wat buite, sowel as binne die geloofsgemeenskap bestaan as’t ware verwoord en dan beantwoord, sodat die lede van die groep kan weet wie hulle is en wat hulle behoort te wees**.(Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998)**

Uit die worsteling rondom die term Gereformeerdheid , blyk dit dus dat ons mense meer as baie ander Christelike tradisies bevraagteken.. Ons word nie maklik tevrede gestel nie. Ons wonder altyd of dinge in orde is, reg is volgens God se Wil en Woord is Daar is altyd die behoefte om te re-formeer, her-vorm, en te verbeter.

2.1.1 Vrae wat veral gevra word is die volgende:

- Wat verstaan ons onder Gereformeerde vroomheid.?
- Hoe definieer ons die Gereformeerde lewe Gereformeerde kulturele verwortelheid
- Wat is Gereformeerde Skrifgebruik?
- Gegewe bogenoemde vrae: Waarom dan nog so entoesiasties gereformeerd?

Deesdae is daar ‘n beduidende toename in die vrae, baie meer as tydens die Hervorming self. Ons het nie net te make met vraagtekens wat van die kant van ander Christelike tradisies agter ons geplaas word nie. Saam met ander Christelike tradisies deel ons ook in die vraagtekens wat van sovele kante af agter die christendom as sodanig , en soms trouens selfs agter enige vorm van godsdiens geplaas word: die vraagtekens van die moderne mentaliteit en die post-moderne lewensgevoel, asook die vraagtekens oor ateïsme en sekularisasie. **.(Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998)**

2.1.2 Hoe reageer ons soms op die vraagtekens?

Die eerste reaksie wat by mense opkom wanneer andere hulle begin kritiseer is om te begin wonder en vra:

- Is hierdie mense nie dalk reg nie?
- Is ons nie dalk eensydig nie ?
- Is daar nie sekere inherente swakpunte in ons identiteit, in ons geloofsmondering, in ons oortuigings en praktyke nie?
- Moet ons nie dalk hierdie kritiek ernstig opneem , verander en begin aanpas en ons tekortkominge erken en daarop probeer verbeter nie ?

Het die foute wat ons al gemaak het nie dalk te make met die dieperliggende probleem in ons identiteit nie? Indien mense so begin redeneer dan ontstaan vrae rondom die integriteit van hulle geloofstradisie, in die sin van die volheid, die identiteit en die essensie of die ware wese van wie en wat hulle is.

Daar is sonder twyfel baie Suid Afrikaanse Gereformeerdes wat die vraagteken oor ons integriteit tans so beleef . Vir hulle is dit waarskuwings, herinneringe dat daar versigtigheid aan die dag gelê moet word vir eensydige en inherente swakpunt. Ons moenie vra of ons nie op punte moet verander, moet skuif en ander aksente moet begin lê nie. Ons moet probeer om meer volledig, meer heel, meer volkome , meer inklusief en meer katoliek te wees. **(Dirkie Smit, aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998).**

"n Tweede bykans teenoorgestelde reaksie by baie mense wanneer andere hulle begin kritiseer, is om te begin vrees dat die Gereformeerde tradisie in die proses dalk verloën mag word. Na hulle oordeel is die probleem juis dat ons nie konsekwent en duidelik Gereformeerd was nie. Redes wat aangevoer word is juis die rede vir die vraagtekens wat daarin geleë is dat daar in ons roeping as reformeerdes gefaal is, dat ons reeds te veel aangepas het, vreemd aan onsself en ontrou aan ons eie identiteit was.

Wanneer mense so begin reageer, dan beleef hulle die vraagtekens as vrae rondom die integriteit van die geloofstradisie, in die sin van egtheid en toegewydheid ten opsigte van wie en wat hulle is**.**

Daar is miskien net soveel Suid Afrikaanse Gereformeerdes wat die vraagtekens oor ons integriteit tans so beleef . Vir hulle is dit waarskuwings, herinneringe dat ons moet pasop om nie te veel aan te pas en toe te gee nie,dat ons moet begin vra of ons nie op sekere punte al te veel vaerander het, te veel geskuif het, en te veel aksente begin lê het sodat sodat ons nie meer met integriteit , met egtheid , met waarheid en met geloofwaardigheid onsself gereformeerd kan noem nie. (Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998).

Sulke mense wonder dan of hulle nie sterker , meer doelbewus gereformeerd moet wees nie of daar nie met groter beslistheid en integriteit moet terugkeer word na die ware wese van Gereformeerdheid nie.

Dit is baie duidelik dat baie van die selfondersoekende studies wat deur die eeue heen gedoen is en wat tans oral oor gemaak word oor die vraag wat Gerformeerdheid is , vanuit hierdie hoek gemotiveer word.

Mense mag van mening wees dat daar vandag met reg vraagtekens oor die Gerformeerde integriteit hang. Ons moet 'n slag weer eerlik en nugter vir onsself vra wat Gereformeerdheid in sy diepste identiteit werklik wil wees en dan oordeel of dit genoegsaam is , gegewe die uitdagings waarvoor

ons te staan gekom het. Ons moet eerlik vra of die Gereformeerde godsdiens nog geskik is om die uitdagings van die moderne lewe die hoof te bied en die geleenthede van die moderne lewe aan te gryp. Raak ons nie agter, verloor ons nie ons jeug en word ons lidmaattalle nie hierdeur beinvloed deur die afname nie?. Hierdie is wesenlike vrae.

Party mense mag van mening wees dat daar wel vandag in die wêreld en spesifiek ook in Suid Afrika met reg vraagtekens hang oor die gereformeerde integriteit. Ons moet miskien weer eerlik en nugter vir onsself vra of ons nog regtig met integriteit en eerlikheid onsself gereformeerd kan noem, en of ons nog begryp wat gereformeerdheid regtig is en of ons dit met oorgawe uitleef. Ons moet eerlik vra of ons regtig nog op die oeroue gereformeerde grondslae bou, die gereformeerde vroomheid beoefen, gereformeerd dink, praat ,preek en leef. Is ons eredienste nog gereformeerd, is ons vroomheid nog gereformeerd, is ons siening van Gods woord nog gereformeerd, is ons sosiale ekonomiese en politieke moraal nog gereformeerd? (**Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998).**

2.1.3.Wat beteken "Gereformeerd?

Oral vra mense vandag: wat beteken :gereformeerd" In Suid Afrika praat lidmate , kerkrade , ringe , leraars , vergaderings, konferensies, fakulteite, teoloë, ens gereeld daaroor. En op baie verskillende redes. Sommige wil die Gereformeerdheid bykom en beskuldig vir alles wat skeef loop , in die politiek , samelewing , kerk en erediens, in skole en onder die jeug. **(Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998)**

Sommige wil die Gereformeerdheid beskerm en bevorder omdat ons aller heil daarvoor te wagte is. Almal vra : wat beteken "Gereformeerd"?

Volgens Smit**, (Wat beteken Gereformeerd, 1998)** is die Gereformeerde Ekumeniese Raad heeltyd besig met studiestukke waar daar gepoog word om die vraag te probeer beantwoord. Vrae wat hieruit vloei is die volgende:

- -Wat is-Wat is gereformeerde Spiritualiteit ?
- -Wat is gereformeerde sending ?
- -Wat is gereformeerde belydenis ?
- -Hoe word gereformeerdheid in verskillende kontekste in die wêreld beoefen en beleef? **(Smit, 1988**,**Wat beteken Gereformeerd)**

2.1.4. Wat is Gereformeerde Skrifgebruik.

Eintlik is dit nie net vandag dat ons Gerformeerdes hierdie soort vrae vra nie . Gereformeerdes was eintlik maar altyd besig om die vrae onder die loep te neem. Daar is oënskynlik iets in die Gereformeerde siel wat ons elke keer weer dring om hierdie soort selfondersoekende vra na ons eie identiteit te bly vrae. Die eintlike punt is dat dit uiters moeilik is om die soort vrae regtig te beantwoord**. (Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998).**

Hierdie soort identiteits vrae kan net nooit so beantwoord word dat almal saamstem of daarmee tevrede is nie . Hoe jy ook al antwoord, is daar altyd diegene wat sal sê, ons is nie almal so nie".

Baie van die gemaklike antwoorde op die vraag wat gereformeerd is , ly aan een van hierdie kwale. Baie keer beantwoord Gereformeerdes die vraag na hul eie identiteit baie maklik omdat hulle nie weet van talle ander gestaltes van gereformeerdheid in die geskiedenis en in die res van die wêreld nie.

Gerformeerd beteken talle verskillende dinge vir verskillende mense, en daar mag waarheid skuil in almal se vertellings , almal se ervarings, van binne en van buite hierdie tradisie. Wat sommige op een manier interpreteer sal andere dalk heel anders interpreteer,wat sommige as sterk punte beleef , sal ander dalk juis as swakpunte sien, wat sommige as onbelangrike aspekte ervaar, sal vir andere miskien juis die kern wees en Gereformeerdheid is dit alles **(Dirkie Smit, Wat beteken Gereformeerd, 1998).**

Dus om die verhaal van Gereformeerd wees in Suid-Afrika oor die afgelope jare te vertel is eintlik om 'n storie van baie verskillende stories te probeer vertel. **(Dirkie Smit,aangehaal in Vraagtekens oor Gereformeerdheid,1998).**

2.1.5. Samevatting

In hierdie hoofstuk het ek gepoog om 'n oorsig te gee oor die kwessie van Gereformeerdheid wat die identiteit van die VGK en NGK familie betref en gaan nou oor na die Charismatiese benadering.

2.5. Die Charismatiese beweging in Suid Afrika.

Die charismatiese beweging het ‘n lang geskiedenis in die kerk en was nie net ‘n verskynsel in die kerk nie. Die apostel Paulus het die belangrikheid van ‘n charismatiese bediening ,waarin die gawes van die gees ruimte gebied word om te funksioneer soos uiteengesit in 1Kor 12, juis beklemtoon. Oor die jare heen het entoesiastiese bewegings hul verskynings gemaak wat in ‘n sekere sin gelei het tot uitbreiding en wanbegrippe van wat Paulus verstaan het ten opsigte van charismatiese bedieninge.

Pentikostalisme, met die klem op op die doop in die heilige Gees en die spreek van tale as bewys van sy sterk charismatiese klem , het sy ontstaan in 312 Azusa Straat Los Angeles a sgevolg van die werksaamhede van JW Seymour, ‘n Neger priester gehad **(Karla Poewe, in Tydskrif vir Geesteswetenskap, 1990:129-144).**

Die kontemporêre charismatiese is begin in die St Mark Catholic Church in Van Nuys, omtrent ‘n half uur weg van Azusa Straat.

Die invloed van die charismatiese klem was hier geweldig in die hoofstroom kerke en het ‘n groter impak as die independente charismatiese kerke. Dit self het gelei tot ‘n self ondersoek in baie van die hoofstroom kerke reg oor die wêreld.

In Suid Afrika is geweldig baie aandag gegee aan die charismatiese kerke wat vanuit die beweging ontwikkel het, al was die lede tal nie so geweldig groot nie.

Die charismatiese bewegings maak ‘n positiewe impak ten spyte van probleme wat ontstaan met sommige van die leiers van die independente charismatiese kerke. Daar is gewis teologiese moeilikhede , so ook die hoofstroomkerke.

Hierdie charismatiese kerke en die hoofstroomkerke kan mekaar ondersteun om ‘n duideliker beeld te kry van wat die kerk as institusie is en hoe sy aktiwiteite in die wêreld effektief en dinamies hanteer kan word.

Hierdie beweging, met sy pentekostalistiese inslag, se wortels spruit vêr terug in die geskiedenis van die kerk.

2.5.1. Die Charismatiese beweging as ‘n ” verskynsel” in Suid Afrika?

Dié bewegings vind veral inslag waar basiese tradisies bevraagteken word, of waar daar buitengewone sosio-ekonomiese druk is**. (Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Charismatiese Christendom is ‘n religie van verandering. Die Charismatiese kerk in Suid- Afrika beklemtoon dat hulle doel die verandering van die land is. Gedurende die 1950-1970 het ‘n pentekostalistiese tipe Christendom in die historiese kerke , onder andere die Katolieke , Metodiste , Anglikaanse kerke ontpop. Dit het bekend geword as die charismatiese herlewing, en het aansienlike stryd in dié kerke veroorsaak. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Gedurende die 1970’s en 1980’s het afsplitsing gelei tot die skepping van talle onafhanklike en charismatiese kerke en bedieninge. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Hierdie kerke is non-dinominasioneel en hulle konsentreer op die chraisma(gawes) van die Heilige Gees soos uiteengesit in 1Kor 12. Vandaar die term charismaties. Hulle is die resultaat van visioene wat rondbewegende en hoog opsigtelike predikers, evangeliste en profete ontvang en sluit die volgende persone in:
Bill Branham, Oral Roberts, Pat Robertson, Jimmy Bakker, Jimmy Swaggart, Kennith Hagin, Kenneth Copeland, Reinhard Bonke, van Afrika, nou in Europa, en Britanje, Joe Dawson (New Zeeland) Yongi Choo (Korea) Ray McCauly, Ed Roberts, Nicky van der Westhuizen. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Daar is ‘n aansienlike getal kerke, wat gedurende die laaste paar jaar gestig is en hulle het die fokuspunt van die opsienbarende sosiale drama geword. Die kerke het oor die agthonderd lidmate , met ledetale wat wissel tussen dertig en sowat 5000 mense wat die Sondagdienste bywoon. Voorbeelde hiervan vandag is Moreletta Park, in Pretoria, en Rhema ministries, van Pastoor Ray Mcaully. Hulle het ver meer aandag getrek in Suid Afrika as wat hulle getalle eintlik regverdig. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Dit is dikwels te wyte aan die vreeselement by die sluimerende historiese kerke. Verder skep die charismatiese aktiviste die gevoel dat hulle die vestings gaan inneem. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Hierdie gevoel moet egter nie ‘n gevoel van bedreiging inhou vir die Gereformeerde tradisie nie.
By charismatiese bewegings is die klem nie meer op die kognitiewe nie, of op ‘n stel geloofstellings wat aanvaar moet word nie**.(Fides**) maar op vertroue **(fiducia)**’n geloof waarin intuïsie, visioene, ondervinding van die heilige en kreatiwiteit ‘n rol speel.
Dit beteken dat daar by sommige ten minste groter sensitiwiteit teenoor die mensheid en hul gawes , ongeag taal, kultuur of kleur is. Dit beteken ook om te luister en te handel op innerlike ingewings en dus oop te wees vir nuwe geleenthede, of dit betrekking het op verhoudings of entrepreneurskap. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

By ‘n aansienlike aantal is daar min sprake van definitiewe politieke aktivisme, veral onder die swart ver inheemse charismatiese beweging. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Die oorwegend blanke charismatiese beweging het vertroue verloor in die tradisionele christendom en probeer om belangrike fasette wat versink geraak het uit te lig. Die hoof verwagting is die konkrete manifestasie van die Heilige Gees, en die vorm van religiositeit is by uitnemendheid eksistensieel. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Charismatiese christene sien hul self as diegene wat aan die eerste-eeuse Christendom getrou is, bowenal dat dieselfde bonatuurlike manifestasies plaasvind as dit wat toe gebeur het. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Volgens hulle word leerstellinge “ontbloot” van interpretasies wat deur die eeue toegevoeg is en ‘n lewende verhouding met ‘n aktiewe en immanente God deur die Heilige Gees word benadruk.

Die swart charismatiese beweging in sy verinheemsde vorm is ernstig met kommunikeringselemente in die tradisionele kultuur, sodat deur hulle liturgie, soos dit uitdrukking vind in sang en ritme , in die verkondiging en in die genesingspraktyke, religie’n dinamiese faktor in hulle bestaan word, sowel op horisontale as op vertikale vlakke. (**Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Ander aspekte wat in die die charismatiese beweging na vore kom, is dat mistisisme weer ‘n rol speel, so ook religieuse feesvieringe en persoonlike getuienisse in die dienste, wat ‘n bewys is van sy of haar wandel met God. Getuienisse is ‘n anagogie wat lei tot ‘n interpretasie van die sigbare gebeurtenisse en ondervindinge as die onsigbare plan en handeling van God in die mens se lewe. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Tradisie is ‘n raamwerk en bron wat georiënteer moet word in die lig van nuwe ervarings. Dus word daar ‘n erkenbare orde in die proses van die herordening van die lewe gehandhaaf. In die swart verinheemsde charismatiese beweging is die gemeenskaps gevoel van wesenlike belang. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Vir die charismatiese Christene in die algemeen is visioene, profesieë, en tongespraak van besondere belang, veral onder die inheemse charismatiese kerke.

Hier styg dit bo die intellek uit na tekens en wonders Tekens verwys na tekens langs die pad van bekering bv genesing wat ‘n groot rol speel in die charismatiese bewegings asook deure wat God toe en oopmaak. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

Die groot prominensie wat tekens ontvang , hou gevare in. Dit laat sommige charismatiese Christene verander in soekers na bonatuurlike ervarings wat metonimia **(teken en sein)** sonder meer interpreteer as manifestasies van die HeiligeGees. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

2.5.2 Wat is die negatiewe uitdagings van die charismatiese bewegings

Die oorbeklemtoning deur die charismatiese beweging van metonimia lei tot die kritiek dat die soort Christendom magiese trekke kan ontwikkel met die klem op ‘n sogenaamde reddingsindroom. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

2.5.3 Pentekostalisme.

Onder Pentekostalisme verstaan ‘n mens dat dit ‘n beweging is wat sy beslag ongeveer in die eerste dekade van hierdie eeu gekry het as die vrug van verskillende heiligheidsbewegings wat ontstaan het uit reaksie teen die rasionalisme, sekularisme en geestelike doodsheid in sommige van die gevestigde kerke. ‘n Besonderse dinamiek het hierdie beweging voortgestuur sodat dit ontpop het

in ‘n hele aantal “Pinksterkerke” met ‘n sneltoenemende ledetalle wat op ‘n strategiese wyse die gereformeerde tradisie geinfiltreer het en meer en meer mense beinvloed het dat dit die manier is om voortaan dinge te doen. **(Oosthuizen en Poewe in Tydskrif vir Geestes wetenskap,1990:124-144).**

2.5.4 Die Neo Pentekostalisme

Onder Neo –Pentekostalisme verstaan ons die verskynsel dat die opvatting en ervarings gewoonlik met die Pentakostalisme verbind word en dat dit binne die tradisionele gevestigde kerke voorkom.

Dit is bekend dat sommige ampsdraers en lidmate van die Rooms-Katolieke , Oosterse Ortodokse en verskeie bekende Protestantse kerke daarop aanspraak maak dat hulle die “Doop in die Heilige Gees” deelagtig geword het , met die verskynsel wat ook in die Pinkstergroepe daarmee gepaard gaan, soos die spreek in tale , die gawes van die genesing, die uitdrywing van duiwels en derglike meer (**Riglyne tenopsigte van die Charismatiese Beweging en die Charismatiese Gawes, N.G Kerkboekhandel Transvaal,Posbus 245 _Pretoria,1979) .**

Die Neo-Pentekostalisime is gevolglik ‘n beweging binne die tradisionele kerke en die aanhangers daarvan beskou die ervaring waaroor dit gaan as ‘n onontbeerlike middel tot vernuwing van die kerklike lewe. Vanweë hul besondere ervaring vind hulle egter eenheid en aansluiting by geesgenote oor alle kerkgrense heen, sodat ‘n nuwe eenheid groei waarby christene van die mees uiteenlopende konfesionele herkoms, van uiters konserwatief tot byna vrysinnig, met mekaar geestelike gemeenskap het.

Dit spreek vanself dat hierdie stand van sake ‘n groot spanning plaas op die eenheid van die kerklike lewe binne die bestaande kerke, veral as dit beteken dat daar binne ‘n kerklike gemeenskap groepe ontstaan wat oor gemeenskaplike en denominasionele grense heen ‘n nuwe eenheid vorm waarin hulle hulself veel beter geestelik kan uitleef as in hul eie gemeentes en kerke. Dit beteken ook dikwels dat dat hulle hulself laat herdoop en dat hulle met ‘n sekere mate van geestelike hooghartigheid die kerke kritiseer. Die gevolge hiervan is noodwendig verdeeldheid, konflik en skeuring tussen hulle en bestaande kerke. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Dit is vanweë die voorkoms van dergelike gebeurtenisse, ook binne die gemeenskap van die tradisionele kerke, dat die saak van die houding tot die Neo-Pentekostalisme en die hantering van

hierdie verskynsel uit eie geledere van groot aktuele belang geword het. **(Algemene kommissie, NGK, Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes)**

Die verwyt wat dikwels aan die kerk geadresseer word, dat hy homself temin met die leer van die skrif aangaande die Heilige Gees besig hou, mag 'n element van waarheid bevat, maar dis nie sondermeer onaanvaarbaar nie. Binne die NG tradisie kan daar sonder enige moeite bewys word dat die belydenisskrifte van die kerk hulself op talle maniere met die leer van die Skrif oor die persoon van die heilige Gees besig hou. Ook is dit waar dat daar in die verlede spesifiek in die tradisie van die NG kerk familie spesifiek aandag aan die leer oor die Heilige Gees bestee is, en dat dit ook sterk neerslag in die prediking en'n kerklike praktyk gevind het, veral wat die jaarlikse Pinkster bidure betref. **(Algemene kommissie NGK, Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismatiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die Neo-Pentekostaliste bring egter vrae na vore waaroor daar opnuut in die skrif na antwoorde gesoek moet word. Vrae soos die volgende is egter oop vir besinning:
Die belydenisskrifte onderskei bv nie duidelik tussen die gawes van die Gees aan die gelowige en die vrug van die Gees wat in hul lewens uitgewerk het nie, net soos hulle ook nie onderskei tussen die gemeenskaplike en individule gawes van die Heilige Gees nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

2.5.6 Die volgende aspekte van wat die Bybel ons leer oor die dinge wat in die Charismatiese Beweging sterk benadruk word

- Die doop in of met die Heilige Gees
- Die vervulling met die Heilige Gees
- Die Gawes van die Gees
- Die spreek in tale (glossolalie) en die uitleg daarvan
- Profesie en die gawe van die Onderskeiding
- Die gawe na genesing
- Die uitdrywing van bose geeste (eksorsisme) en so meer.

2.6. In die beoordeling van die Charismatiese beweging sal die kerk die volgende sterk moet uitspreek:

2.6.1.Waardering.

Die kerk kan nie anders as om dankbaar te wees oor elke teken van nuwe lewe wat op geestelike terrein sigbaar word nie. Ondanks die talle besware wat daar teen die Charismatiese Bewegings ingebring moet word, waaroor nog gespreek moet word, kan dit nie ontken word dat daar baie christene is wat in die Pinksterbeweging tot ‘n ervaring van die genade van God gekom het nie.

Self al sou ‘mens versigtigheid aan die dag lê, inverband met die groot aansprake van die kant van die Charismatiese Beweging oor die invloed wat daarvan uitgaan, is dit nogtans verkeerd om wat daar gebeur as bloot ‘n emosionele opflikkering sonder veel betekenis te beskou. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Daar is genoeg getuienis dat talle mense deur die beweging tot ‘n ervaring van die krag van die Heilige gees gekom het wat werklik revolusionere veranderinge in hulle geestelike lewe tot stand gebring het, met ander woorde daar het transformasie plaas gevind.

Afgesien van talle wat vir die eerste keer Christus op hierdie wyse ontmoet het, terwyl hulle voorheen maar net gedink het dat hulle Christene was, is daar derduisende wat voorheen lou en vleeslike kinders van God was, wat uit daardie toestand bevry is tot ‘n lewe van vreugde en oorgawe wat hulle in staat stel om met vrymoedigheid van Christus te getuig.

2.6.2 Hand in eie boesem.

Die Charismatiese beweging dwing die kerk in ‘n sekere sin om sy hand in eie boesem te steek.‘n Vraag waarmee die tradisionele kerke en veral die NG kerk familie mee behoort te worstel is om te vra of die beweging nie ook die gevolg is van koue atmosfeer in die kerk nie?

Die kerk sal ook op ‘n ander manier moet kyk na die beweegredes waarom baie van die lidmate wat uit die kerk oorgaan na Pinkster bewegings, nie onverskilig is in die ware sin van die woord nie, maar mense is met ‘n egte en ‘n opregte soeke na ‘n dieper en meer betekenisvolle geestelike lewe. Hulle word dikels in die tradisionele kerke teleurgestel , van weë die lae peil van die geestelike

lewe wat daar bestaan. **(Algemene kommissie NGK, Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die Charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Dit is ook waar dat baie van diegene wat krities staan teenoor die kerk en uiteindelik hul weg vind na die Charismatiese groepe,hulle is wat dikwels ‘n bepaalde persoonlikheidstipe verteenwoordig, maar dit sou tog ‘n kwade dag wees as die kerk nie sulke mense sou kon terugwen nie .Die ontevredenheid van die kerk met die lastigheid van dié soortlidmate wat werklik ernstig na iets geestelik soek ,mag nie groter wees as sy ontevredenheid met duisende koue lidmate wat ‘n minimun van kerklike meelewing toon en dikwels niks van die gesindheid van Christus openbaar nie. Bowendien sal die kerk aanhomself moet verantwoording doen op die vraag of ons nie inderdaad die gawes van die gees te veel verontagsaam het nie. **(Algemene kommissie, NGK Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

- Die Pinksterbeweging dwing die kerk om meer as ooit tevore aandag te gee aan die vraag: of die gemeentelede in die tradisionele kerke nie te passief is nie en
- Of die warmte van die gemeente in die kerk nie te veel ontbreek nie.,
- Of die eredienste nie te intelektueel en strak is nie.en of die kerke nie te min ruimte vir die vryheid van die Gees bied nie.

2.6.3 Billikheid in ons beoordeling.

Wat die bilikheid in die beoordeling betref sal die kerk moet bid daarvoor om die sensitiwiteit te ontvang om die openbaringe van die aanwesigheid van die Heilige Gees in die wêreld van vandag te erken. . **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die kerk sal voortdurend krities moet onderskei tussen wat waar en vals is , tussen die aanvaarbare werksaamheid van die Gees en bedrieglike aansprake. Dit mag die kerk egter nie op ‘n dwaalspoor lei om die teenwoordigheid van die Gees selfs meer op te merk nie, of om toe te laat dat die vrees en vooroordeel met betrekking tot wat enigsins van ons tradisionele patrone afwyk , te misken nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Ons bestryding van die afwykinge van die Charismatiese Beweging mag nie daartoe lei dat die kerk die indruk wek dat hyself ook verlang na ‘n groter heerskappy van die Gees in die lewe van die kerk nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Dit sou egter ook verkeerd wees indien die kerk die hele verskynsel van die gawes van die Gees soos dit deur die Pentekostalisme en Neo-Pentekostalisme op ons agenda geplaas is sal afmaak deur slegs op talle negatiewe aspekte van die optrede van die Pinkster groepe te fokus, sonder om homself af te vra of daar nie ook elemente van egte geestelike lewe by hulle aanwesig is nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Dit sou daarom egter ook verkeerd wees om ons oordeeel oor die Charismatiese te baseer op enkele dinge soos, die spreek in tale, wat lank nie by almal in hierdie beweging dieselfde gewig dra nie, of op abnormaliteit en eksegese wat in die Charismatiese beweging voorkom asof daar binne die die kring van die tradisionele kerke self nie ook baie aspekte voorkom waarvan ons graag die hele kerklike lewe beoordeel sou wou sien nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Ook meen ek dat dit nie billik is om alles wat in die Pinksterbeweging aan geestelike ervaring voorkom, alles sielkundige of kultureel te wil verklaar nie. Uiteraard is dit so dat baie van die dinge wat daar gebeur,sielkundig verklaar kan word en dat daar soos ons in verband met die spreek in tale aangetoon het, soms ‘n psigologiese druk opgebou kan word wat ongesond is en tereg twyfel laat ontstaan oor die geloofwaardigheid van baie van die aansprake wat gemaak word. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismatiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

“n Mens moet egter ook ingedagte hou dat dat die Pinksterbeweging in sy geheel ook ‘n bepaalde kulturele gesitueerdheid as reaksie op die sekularistiese grondtoon van ons beskawing en die oppervlakige rasionalisme wat daarmee gepaardgaan het. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die Pinksterbeweging kan ook verstaan word as ‘n poging om teenoor sekularisme en rasionalisme, nie-rasionele weë van kommunikasie te bewandel en aan die gevoel en ervaring ‘n groter aandeel in die mens se omgang met sy medemense, met die werkilikheid en met God toe te ken as wat in ons Westerse kultuur aanvaarbaar is. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

2.6.4.Bedenkinge.

Daar is ernstige bedenkinge oor die wyse waarop daar in die Charismatiese Beweging, ondanks die groot ywer, entoesiasme en vurige verlange na dieper geestelike lewe,aksente gelê word wat die toets van die skrif nie kan deurstaan nie.

- Eerstens moet ‘n mens begin deur daarop te wys dat diegene wat hulle daarop beroem dat hulle die doop met die Heilige Gees ontvang het dikwels neersien op ander lidmate van die kerk.

- Hulle spring nie altyd die gevaar van geestelike hoogmoed vry nie, waar die skeidslyn nie meer loop tussen geloof en ongeloof of vlees en gees nie maar tussen diegene wat “bloot” gered is en diegene wat met die gees vervul is.

- . Hierdie spanning loop gewoonlik uit op verdeeldheid in die gemeente.

- Diegene wat roem op ‘n besondere ervaring van die Heilige Gees sien neer op ander lidmate , en baie dikwels ook die ampdraers van die gemeente. Die verhoudinge word noodwendig versteur en hulle is in die versoeking om steeds skerper kritiek teen die kerk uit te spreek. Indien hulle nie versigtig is nie,word hulle steeds verder verwyder van die solidariteit met die kerk, en land maklik op ‘n punt waar ‘n skeuring met die kerk feitlik onvermydelik word.

Die geestelike gemeenskap wat hulle met geesgenote smaak, word steeds hegter en die afstand met die kerk word steeds groter, en so gebeur dit dat wat oorspronklik bedoel was as ‘n beweging tot geestelike verdieping van die gemeente, uitloop op ‘n breek met die gemeente. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die skuld vir die breek kan egter nie altyd op die skouers van diegene gelê word wat aanspraak maak op die doop met die Heilige Gees nie, maar dat van die kant van die kerk word daar dikwels verkeerd opgetree vanweë doodgewone onverdraagsaamheid met mense wat soms “lastig “ is as persone , afgesien van die aansprake wat hulle maak met betrekking tot hulle geestelike ervaring. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Maar tog is dit juis baie van diegene wat hulle self as besonder”Geestelike mense propageer, dat die gebod van die Gees om die eenheid van die liggaam van Christus te bewaar, so maklik verontagsaam word. Alte maklik spreek hulle deur hulle daad van wegbreek die banvloek uit oor die hele gemeenskap van die kerk en probeer hulle om ‘n nuwe gemeente daar te stel**(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

- Al hierdie dinge is nie maar toevalig nie, maar hang innerlik saam met die tipe geloofsbelewing wat in die Charismatiese Beweging gekweek en getroetel word.

- Dit is ‘n tipe geloofsbeweging waarin die individualisme sterk op die voorgrond tree.

- Daar is ‘n groot mate van beheptheid met die siel, die eie heiligheid , die eie Geesvervuldheid.

- Die gemeenskap met die broeders word daardeur maklik versmal tot die gemeenskap met diegene wat is soos ek, diegene in wie ek myself en my eie ervaringe kan erken.

My eie geestelike ervaringe word die maatstaf vir die vraag met wie ek wel gemeenskap kan hê en met wie nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Daarom is die kerk, met sy groot verskeidenheid van mense wat telkens weer verskillend is en op ‘n ander wyse hulle geestelike lewe ervaar, vir hierdie individualisme iets ondraagliks. Dit moet noodwendig uitloop daarop dat samesyn net moontlik geag word met die eie groep van gely gesinde soortgenote. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

- Omdat hierdie gelykgesindes dikwels oor die grense van die plaaslike gemeentes en kerklike denominasies heen saamgesnoer word, ontstaan daar noodwendig’n beweging wat feitlik nie anders kan as om op een of ander tyd van die kerk weg te breek en ‘n eie “kerk “ te vorm nie. Vir die eenheid van die kerk het hierdie beweging dus te min respek. **(Algemene kommissie, NGK Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne Tenopsigte van die Charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

2.6.5. Die optrede van die kerk.

Wanneer ons in gedagte hou dat die kerk alle rede het om gewigtige bedenkinge teen die Charismatiese Bewegings te koester, is dit noodsaaklik dat die kerk ‘n ernstige waarskuwing daarteen moet rig en lidmate wat daardeur beinvloed word, betyds en met groot helderheid moet konfronteer met die volle waarheid oor hierdie dinge. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Dit gaan in die Charismatiese bewegings om ‘n ander tipe geloofsbelewing anders as in die tradisionele kerke in die kerke met ‘n Gereformeerde karakter. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die aanhangers van die Pinksterbeweging is nie slegs meer ekstrovert in hulle godsdienstige belewing nie. Hulle kan ook nie hulle agtergrond in die Wesleyaanse opwekkingsbeweging en verder terug in die radikale rigting tydens die reformasie van die sestiende eeu verloën nie. Dit bring mee dat daar noodwendig by die kerk en by die Pinkster beweging verskillende aksente gelê sal word. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

As ‘n mens na die dieperliggende betekenis kyk , sal jy altyd weer verskille ontdek oor die manier waarop die genade verstaan word, oor die funksie van die geloof, oor die uitverkiesing en die vrye wil ens. Op die voorgrond staan tog duidelik ook die verskil met betrekking tot die vraag of die Pinksterbeweging nie die buitengewone gawes van die Gees tog uit reaksie ooraksentueer ten koste van die vrug van die Gees nie . Dit is verkeerd, was die bewering, om die vrug van die Gees en sy gawes van die Gees teenoor mekaar af te speel en die kerk moet voortdurend daarvoor op sy hoede wees. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne tenopsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die kerk kan nie sy lidmate aanspoor om op die wyse waarop dit in die Pinksterbeweging geskied , spesiaal die buitengewone gawes van die Gees na te jaag nie. **(Algemene kommissie Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Die kerk moet voortdurend bid om ‘n groter openbaring van die gees in sy midde, moet sy lidmate opwek om die volheid van die Gees in hulle lewens te soek, moet opstaan vir openbaring van die Gees in sy midde, maar moet daarby nie die nugterheid verloor waaroor die skrif spreek nie.**(1Petrus 5:8)**

Die kerk moet ruimte maak vir die Gees en vir al sy gawes. Daarbenewens moet dit voorop staan dat die Gees selfs belangriker is as sy gawes en dat dit verkeerd is om die teenwoordigheid van die Gees te vereenselwig met die spektakulêre en buitengewone ervaringe waarvoor die Charismatiese Beweging klaarblyklik so ‘n groot voorliefde het.

Dit alles sal die kerk duidelik onder die aandag van sy lidmate moet bring voordat hulle te ver meegevoer word in ‘n geestesklimaat wat hulle uiteindelik vreemd sal laat staan teenoor die kerk waartoe hulle behoort.

Die kerk is egter geroepe om dit met groot geduld te doen. As ‘n mens daaroor nadink dat die kerk met soveel geduld sy lidmate verdra wat na die ander kant toe neig, deurdat hulle:

- Onmeelewend is ,
- Die sakramente verwaarloos,
- Hulle doop en belydenis beloftes versuim,
- En dikwels ook pertinent verkeerde gesindhede openbaar, dan sal dit ook noodsaaklik wees dat die kerk ook baie verdraagsaam teenoor hierdie soort lidmate sal moet wees. **(Algemene kommissie NGK Leer en Aktueele sake,1979, in Riglyne ten opsigte van die charismaiese bewegings en die Charismatiese Gawes).**

Hoofstuk 3 : Eklesiologiese Paradigma skuiwe, ‘n verdieping van die liturgie

Dit is baie duidelik dat daar vandag baie uitdagings in verskillende vorme aan die kerk gestel word. Om aandag te skenk aan die uitdagings waarmee die kerk gekonfronteer word, is inderdaad ‘n Goddelike opdrag. Coenie Burger lig in sy boek **(Gemeentes in die kragveld van die Gees (1999:300-314)** die belangrikheid van vernuwing uit om hierdie uitdaging die hoof te bied. Burger is van mening dat vernuwing eerstens ‘n sentrale saak in die Bybel is waaroor daar ;

- Geen twyfel hoef te bestaan nie ,
- Daarna dat dit die werk van die Heilige Gees is ,
- En laastens ‘n daad van van ware gehoorsaamheid en dissipelskap. **(Burger, kragveld van die Gees,1999).**

3.1 Vernuwing as ‘n Bybelse opdrag.

Om by die skrif te begin is ‘n goeie beginpunt **(Burger, kragveld van die Gees,1999:).** Burger is ook van mening dat dit nie hier so seer moet gaan oor die uitligging van ‘n paar bybel tekste in een of ander Bybelboeke soos dit die geval by die fundamentaliste is nie , maar eerder deur te kyk na die historiese lyn daaromtrent deur die Bybel.

Burger is ook van mening en wys sterk daarop dat gemeente vernuwing in baie van die Bybelboeke juis op een of ander wyse aan die orde kom.Hy wys ook daarop dat die briewe van die Nuwe Testament ook goeie voorbeelde hiervan is. So is die meeste van die briewe gerig aan spesifieke gemeentes en wil die gemeentes herinner aan hul doel as gemeentes en hulle aanspoor op hierdie pad.

Die ou Testament doen ook ‘n beroep op een of ander vorm van vernuwing. Veral die boeke Esra – Nehemia getuig hiervan, maar ook by die al die profete en ook van die groot Ou Testamentiese geskiedwerke kan iets van hierdie belangrike tema waargeneem word. **(Burger, kragveld van die Gees,1999:).**

Burger(1999,301) wys egter ook daarop dat die geskiedwerke nie saamgestel is ter wille van akademies-historiese oorwegings nie, maar eerder wil pleit vir hervorming en vernuwing by die volk van God.

Burger wys ook daarop dat daar geloofsgemeenskappe met hul eie probleme en worstelinge agter die evangelies lê. Die oorvertel van die verhaal van Jesus moes die gemeentes dan ook help om hul Heer en Sy bedoelings vir hul lewens weer helder te sien,sodat hulle lewe weer in lyn daarmee gekry kon word.

Die boek Handelinge vertel op die beurt ook weer vir ons iets van die eerste gemeente se leefwêreld . Daarin sien ons hoe die eerste gemeentes gefunksioneer het, wat gewerk het en nie gewerk het nie. Hierdie gemeente gerigtheid kom ook verder tot uitdrukking in die Openbaringboek, veral waar die sewe briewe aan die gemeentes gerig word. **(Burger, kragveld van die Gees,1999:).**

So word ons dus intens bewus daarvan dat die Bybel vol verhale , briewe , boodskappe en preke is wat ons wil oproep om nie maar gewoon te berus in die heersende situasie van die kerk nie., maar om in die naam van die Here alles in ons vemoë te doen om ons kerke en gemeente meer in lyn te bring met die wil en plan van God. **(Burger, kragveld van die Gees,1999: 299:300).**

3.2 Vernuwing as die werk van die Gees.

As Christene is ons ook deeglik daarvan diep bewus dat die vernuwing waarvan die Bybel praat, iets is waarvan die Bybel praat, iets wat mense nie vir of aan hulself kan doen nie.

As die Here nie werksaam is in ‘n vernuwings proses nie, sal en kan dit nooit slaag nie. **(Burger, kragveld van die Gees,1999:).** Ons sien dit baie duidelik in **Esegiël 37** , die verhaal oor die doods beendere, net die Here kan deur Sy Gees die doodsbeendere van Sy volk vernuwe en laat herleef.

Burger (1999,302) wys egter ook daarop dat slegs die koms van die Messias en die uitstorting van die Heilige Gees vernuwing as’t ware ‘n werklikheid geword het en dat God deur Sy Gees self verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. **(Burger, kragveld van die Gees,1999:).**

Dit is egter Christus wat die weg na vernuwing inlei deur Sy kruis dood en opstanding en die Gees neem ons aan die hand en lei ons op hierdie weg. Die mens word gevolglik in hul wese deur Christus verander eb dit is die Here self wat deur Sy Gees van hierdie moontlikheid , ‘n werklikheid in ons lewe kom maak.

In **Johannes 3:1-8**, word spesifiek in die verband na verwys, waar Jesus in sy gesprek met Nikodemus verklaar dat ‘n ingryping van bo nodig is om mense te bring waar hulle die grootheid en goedheid van God se Ryk kan ervaar. As Nikodemus verder vra na ‘bo” hoor ons dat dit alleen deur die Gees van die Here is dat mense nuut gebore kan word. **(Burger, kragveld van die Gees,1999:).**

2Korinthiërs 3:18 verklaar volgens Paulus dat mense wel verander kan word. Wanneer die heerlikheid van Christus aanskou word, word die mens ook deur die Gees verander en vernuwe.

3.3 Vernuwing as ‘n oproep tot gehoorsaamheid en dissipelskap.

Ons kan vir geen oomblik ontken dat die Heilige Gees ons as mense in ons ganse wese insluit by Sy veranderingswerk nie. En terwyl ons weet dat die Gees alleen ons nuut kan maak, moet ons voortdurend bly luister na hoe die Gees ons wil gebruik in hierdie proses**.(Burger, 1999:303)**

Hierdie oproep om te glo en gehoorsaam te wees aan die Gees, hoor ons ook regdeur die Bybel. Ons hoor dit in die verhale oor die aartsvaders en in die van Israel se uittog uit Egipte en hul intog in die beloofde land. Dit is egter in die profeteboeke waar ons op ‘n besonderse wyse die belang van die geloof en gehoorsaamheid in die vernuwingsproses die duidelikste verstaan.Terwyl die profete die goeie nuus van vergifnis en ‘n nuwe begin deur die Gees verkondig , is dit duidelik dat dit nie ‘n goedkoop genade is wat ter sparke is nie. Hierdie vernuwingsproses sal ook gekenmerk moet word deur ‘n nuwe gesindheid en nuwe lewenswyse.

In die Nuwe Testament gaan dit egter ten diepste om ‘n lewe onder die genade en in die krag van God. Dit vra dan ook van ons dat ons Christus sal na volg as dissipels van Hom. Ook in die briewe van Paulus het benewens die herinnering aan die evangelie en die belofte van God ook Paranetiese gedeeltes bevat waarin die gemeente opgeroep word tot gehoorsaamheid en navolging.

3.4. Die Erediens as die hartklop van die gemeente.

Die erediens word tradisioneel gesien as die belangrikste byeenkoms van die gemeente. Dit vorm die gebeurtenis waartydens die grootste gedeelte van die gemeente byeenkom. Dit is dan ook tydens dié geleentheid dat die gelowiges vanuit verskillende omstandighede met verskillende gemoedstoestande en verskillende verwagting Sondag na Sondag optrek. **(Adrio Kônig, Vernuwe of verdwyn,1998: 65)**

Dit is dan ongetwyfeld ook waar van wat in die erediens beleef word, verskillend deur die gelowiges beleef en ervaar word. Omdat die eredien s die geleentheid is waar feitlik die hele gemeente bymekaar kom, of veronderstel is om so te doen , dat ‘n mens kan verstaan waarom gelowiges so intens volg en naspeur wat binne die erediens gebeur. Daarom is dit dus so belangrik om te kyk na die verband tussen die erediens belewing van die lidmate en die liturgie wat in die bepaalde tradisie gevolg word.

Die erediens is die hartklop van die gemeente, **(Adrio Kônig, Vernuwe of verdwyn,1998: 65)** dit is deel van die identiteit van ‘n gemeente. Op ‘n besondere wyse gee die erediens dan ook uitdrukking aan die eintlike bestaansrede van kerkwees, naamlilk om God te verheerlik. **(J Richter,1998:5, Het ons hart nie warm geword nie)** sê dat die erediens in ‘n sekere sin die eintlike karakter van die gemeente bepaal.

In die erediens het ons die geleentheid om God se heerlikheid te weerspieël . Met ons beste liturgie wil ons dan ons verwondering en lof aan God uitbeeld. “n Gemeente wat die Here waarlik liefhet, sal dan vanselfsprekend moeite doen met hierdie eredienste en selfs bereid wees om te verander ten einde dit ‘n meer dinamiese gebeurtenis te maak.

Om kritiek te lewer en paradigmaskuiwe vir die prediking voor te stel is egter vir baie mense ‘n gevoelige saak. Hierdie proses moet egter nie as a iets negatiefs ervaar word nie. Daar moet eerder daarna gekyk word met geopende harte en ‘n bereidwilligheid om iets daaruit te leer.

Om leesbaar te wees beteken nie net om na ander te luister nie , maar ook om oop te wees vir die getuienis van die Heilige Gees in ons lewens. Jesus self het in Johannes 16:13 gesê dat die Gees van die waarheid ons in die hele waarheid sal lei. Paulus sê ook in 1Thes 5: 20-22 dat ons nie die uitsprake van diè wat die boodskap van God verkondig gering moet skat nie, **maar dat ons dit moet toets en behou dit wat goed is.**

Om die spanning, veral in die erediens te ontlont is dit miskien goed dat ons eers kyk na wat die erediens is en wat die faktore daar is wat moontlike spanning veroorsaak , as daar is.

3.5. Wat gebeur presies in die Gereformeerde erediens.

(Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998) praat van drie fases van die erediens:

1. **'n Fase van toetrede,** waarin daar deur lofprysing en verootmoediging gereageer word op die teenwoordigheid van God, **Toetrede tot God.**

2. **'n Fase van Woordverkondiging** waar daar uit die Bybel voorgelees word en die voorgeslese Skrifgedeeltes deur die prediking uitgelê en toegepas word. **God se toetrede tot ons deur die woord.**

3. **'n Fase van ons toetrede tot die wêreld-uitsending.**

Volgens Richter is die mees opvallende kenmerk van die erediens in die meeste hoofstroom Protestanse kerke , die sentrale rol van die prediking, ook dat die erediens in baie kontekste as 'n preekdiens beskryf sou kon word. Hierdie sentrale rol van die die prediking word dan ook verder deur die plasing van die kansel in die sentrum van die liturgiese ruimte beklemtoon. Wanneer die preek so in die funksionering van die erediens beklemtoon word, word die oortuiging dat die erediens 'n ontmoeting van die sprekende God met Sy gemeente is , veral tot uitvoering gebring. **(Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998).**

In hierdie preekgeorïenteerde diens word die gemeente se deelname ook grootliks as 'n reaksie op God se spreke gesien, en word veral deur gebed en sang uitgedruk.

Skuldbelydenis en verootmoediging speel benewens lofprysing en danksegging 'n belangrike rol as reaksie van die gemeente**.(Richter,J, 1998:21).** Hy is ook van mening dat die erediens vanuit hierdie tradisie oor die algemeen gekenmerk word deur 'n sobere strakheid en beperkte gebruik van seremonies en rituele.

Benewens die drie fases **(Richter,J,1998)** van die erediens, is dit ook belangrik om te fokus op die die gang van die die verskillende gebeurtenisse in die erediens . Die volgende is van die wesenlike elemente van 'n Gereformeerde erediens soos dit tradisioneel in die VGK en NGK tot uitvoering kom: **(Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998).**

3.5.1. ‘n Liturgiese orde.

‘n Liturgiese orde waarin die gemeentelike aanbidding plaasvind is baie belangrik. Die erediens mag nie maar net ‘n byeenkoms wees waar daar geen orde is nie. **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996),** is van mening dat die liturgiese orde baie belangrik is.Hy noem die liturgiese orde die mees basiese kerkorde en sê dat liturgiese willekeur die kerklike eenheid versteur. Hy baseer sy beskouing op die voorskriftelikheid wat in die Ou Testament ten opsigte van die erediens gevind word. In die Nuwe Testament vind hy bewyse in(Joh 4:23 en 1Kor 14:40) dat aanbidding in gees en in waarheid en ordelik moet geskied,en nie te betwyfel is nie.

Maar dit blyk dat die Nuwe Testament nie duidelike uitspraak hieroor gee nie (Muller 1988a:53, Barnard, 1981:486 en Strydom, 1994:156 in **(Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996).**

Uit die skrif kan wel afgelei word dat daar basiese elemente is wat in die erediens teenwoordig moet wees.Volgens Calvyn 1949c:483 word die basiese elemente gevind in (Handelinge 2:42) **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996).**

Hierdie basiese elemente is die leer van die Apostels,

- Die gemeenskap,
- Die breking van die brood en
- Die gebede.

Hy sê dat daar geen samekoms van die gemeente gehou kan word sonder die prediking van die woord, gebede , die sakrament van die Nagmaal en die uitdeling van aalmoese nie. **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996).**

Hierdie orde was volgens hom deur Paulus in die gemeente van die Korinthe ingestel en was daarna vir eeue in gebruik.

In die verklaring van die vierde gebod sluit die Heidelbergse Kategismus Sondag 38 by Calvyn se standpunt aan. Daarin word gesê dat die gemeente op Sondag moet saamkom om:

- Uit Gods woord te leer,
- Die sakramente te gebruik,
- Die Here aan te roep,
- En die Christelike barmhartigheid te beoefen **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996).**

Dit is dus duidelik dat uit die genoemde elemente, die erediens rondom hierdie basiese elemente geweef moet word. Hierde elemente moet dus gesien word as liturgiese beginsels. Dit is ook belangrik dat naas hierdie elemente die belangrike aspekte van lofprysing in sang, belydenis en die gees van aanbidding ingebou word.

Alhoewel daar dus nie ‘n vaste onveranderlike liturgiese orde uit die skrif afgelei kan word nie , is daar tog vaste bakens waarlangs die pad van die erediens behoort te loop. **(Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996 : 92)**

Die tradisie is in ‘n sekere sin ook belangrik. ‘n Kerk wat sy liturgiese erfenis verwaarloos, word geestelik arm. Huidige liturgiese vorme is immers ingeplant op vorme van die verlede. Die mooie , die bruikbare simboliek en die toepaslike aspekte van liturgiese ordes van die verlede moet behou word wanneer dit steeds opbou en dienlik is. **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996)**

3.5.2 Votum.

Die ***votum*** is die openingsverklaring van die erediens en is die uitspraak waarmee die vergaderde gemeente openlik sê in wie se naam hulle vergader en wie hulle in hul diens eer **(Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996 : 93)** Deur die votum verskyn God voor die geloofsoog van die gemeente. Die votum is dus ‘n openlike belydenis waarmee die gemeente hulself en die doel van sy gesamentlike aanbidding uitdruk.

3.5.3. Seëngroet.

In die ***Seëngroet*** ontvang God die gemeente in sy gemeenskaps beoefening deur die versekering van sy genade te gee. **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996)**

3.5.4. Die Geloofsbelydenis en Wet

Die ***geloofsbelydenis*** is ‘n belangrike element van die erediens en kan gesien word as ‘n algemene bekentenis of identifisering van die verbondsgemeenskap. Die gemeente verklaar openlik hul geloof in die Drie-enige God en bely daarmee hulle afhanklikheid van Hom.

3.5.5. Die sang.

Die doel van ***sang*** in die erediens word duidelik in die Bybel uitgespel. Die sang dien onder andere tot opbou van die gemeente **(1Kor 14:26).** Dit versterk die gemeenskap van die gelowiges en is ‘n uitdrukking van blydskap in die Here **(Ef 5:19 , 20).** Die sang weerspieël ook ‘n dankbaarheidslewe**. (Kol 3:16) (Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996)**

3.5.6. Skriflesing en prediking.

Prediking van die woord word in die Nuwe Testament baie belangrik geag. Ware gesamentlike aanbidding kan dus nie sonder die amptelike bediening van die woord geskied nie. **(Spoelstra,1994b:558 in Is die kerk funksioneel?, J.M.Voster,1996)**

3.5.7. Diens van die gebede.

Die diens van die gebede was in die Ou Testamentiese , Nuwe Testamentiese en vroeg –Christelike tydperke uiters belangrik geag in die liturgiese gebruike . Die tempel is ‘n huis van gebede genoem. Gebede moet sodanig geskied dat die gelowige dit beleef as sy gebede waarin sy omstandighede aangespreek word. Gebed moet kontekstueel gerig word en vir die beproefdes behoort by name gebid te word.

3.6. Die dinamika van die Gereformeerde erediens.

Volgens Richter,(1998:31) gaan die Gereformeerde erediens uit van die veronderstelling dat die hele lewe van die gelowige en geloofsgemeenskap’n lewe voor die aangesig van die lewende God moet wees.

Die vorm van die erediens wil ook dan uitdrukking gee aan die feit dat God self in die erediens tot ‘n ontmoeting met die gemeente wil kom. **(Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998).**

Richter(1998:32) is van mening dat God en die gemeente mekaar in die erediens op ‘n besondere manier wil ontmoet.

God roep die gelowiges om na die normale gang van die lewe terug te tree, met die oog daarop om hulle geloof te bou en hulle te versterk, en uit te stuur om tot Sy eer te kan lewe.

Calvyn het veral groot klem gelê op die sentraliteit van die woord van God. Dit het vir hom nie net beteken dat die verkondiging van die Woord ‘n belangrike plek in die erediens moet beklee nie, maar dat die Woord as riglyn moes dien om te bepaal wat in die erediens behoort te gebeur en wat nie**(Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998).**

Die Gereformeerde credo **”sola scriptura” (Skrif alleen)** som ook in ‘n sekere sin die werking van die gereformeerde erediens op. Hierdeur word daar egter beklemtoon en bevestig dat die Bybel die enigste betroubare getuienis is waardeur God homself aan ons openbaar. Ook wil dit ten diepste sê dat die Woord die krag is waardeur God sy werk op aarde in en deur die lewens van mense verrig. **(Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998).**

Die omgang met die Woord is dus van onvervangbare belang in die Gereformeerde erediens. Die funksie van die skriflesing en die prediking is om God aan die woord te stel en daarom is dit nie vreemd dat daar so ‘n groot klem op die verkondiging van die woord geplaas word nie. Die gemeente ontdek telkens, deur die verkondiging van die Woord, opnuut wie God is, wie hulle is en wat die lewe behoort te wees**.) (Richter,J, Het ons hart nie warm geword nie, 1998).**

Vernuwing in die Gereformeerde erediens.

Die wyse van aanbidding in die amptelike erediens van die gemeente het oor die afgelope dekades sterk onder die soeklig gekom. Hiervoor is daar hoofsaaklik vyf redes aangevoer, nl:

1. Eerstens dat die liturgiese Beweging wat in 1832 in Frankryk ontstaan het belangstelling in die liturgie lewend hou **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

2. Tweedens is dié rigting gestimuleer deur belangsteling in dié saak deur die Ekumeniese Teologie, wat gestalte gekry het in die Lima liturgie getitel **“Baptism,Eucharist and Ministry** “ **(BEM) van die Wêreldraad van Kerke.**

3. Met diè teks poog die Wêreldraad van Kerke om ‘n ekumeniese liturgie daar te stel ten einde eenheid in die wyse van aanbidding te bevorder.

4. ‘n Derde rede vir die strewe na liturgiese vernuwing is die opkoms van die Post-modernisme. Met sy rasionalistiese en intelektualistiese godsdiensbelewing soek die post-modernisme ‘n nuwe spiritualiteit. In hierdie nuwe spiritualiteit val die klem meer op die subjektiewe belewing en ervaring van die mens as op sy waarneming en intellektuelebegrip van dogma, met ander woorde, **‘n liturgie waarin hy aktief kan deelneem**. Die post-moderne mens wil meedoen, ervaar en inleef eerder as om passief te wees en net die liturgiese gebeure te verstaan.

5. Dat die erediens al meer gesien word as die sentrale dimensie van die totale diens aan God, beteken dit dus word die erediens word mede as gevolg van die groeiende belangstelling in die liturgie Lg kan gedefinieer word as die kragbron en rigtinggewende beginsel van die mens se totale godsdiensbelewenis.

6. Vernuwing in die erediens word beskou as essensieël in die prosesse van kerkvernuwing en evangelisering van nominale Christene.

Hierdie vyf stellinge is die belangrikste redes vir die groeiende belangstelling en die krete om vernuwing in die breë riglyne van aanbidding in die kerklike erediens **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

3.8. Die karakter van die erediens.

Vernuwing in die erediens is afhanklik van hoe die erediens gesien en gedefinieer word. Daarom is dit nodig om na die definisies van die erediens te kyk ten einde ‘n maatstaf te vorm waaraan vernuwing gemeet kan word.

Elemente waarna veral gekyk word is die volgende:

3.9. Die erediens as ontmoeting tussen God en Sy volk.

Die erediens is ‘n samekoms van gelowiges met ‘n spesifieke doel, om saam die verbondsgod te ontmoet en te eer terwyl Hy hom met genade in hulle midde stel en hulle ontmoet.
So is die erediens ‘n tweerigting geestelike verkeer tussen God en Sy volk. In skrifgedeeltes soos **(Heb 10:25, Matt 23:37, 24:31, Luk 13:34 en 2Tess 2:1)** word die erediens ook beskryf as ‘n vergadering , waar mense saamtrek op een punt om in gemeenskap met God te tree. **Die gedagte**

van ontmoeting met God staan dus sentraal in die erediens. Binne hierdie ontmoeting lê ook die elemente van gemeenskap, aanbidding en verheerliking **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

3.10. Die erediens as verbondsgemeenskap.

Die erediens was oor die jare heen deur teoloë benader vanuit die oogpunt van die verbond, as verbondsgemeenskap. Hier kom die Ou Testamentiese leer van die verbond veral duidelik na vore. Die verbond was inderdaad ‘n belangrike fondament van die erediens in die Ou Testament, en ‘n onderdeel van die verbondsverhouding. Die God van Israel erediens (**Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

3.11. Die erediens as ‘n fees.

7. Deur die erediens te beskryf as ‘n fees word daarmee nie geimpliseer dat die ander beskrywinge laat vaar moet word nie, maar dat die erediens eerder as ‘n fees van die Gees as ‘n fees van die gemeente is. Die fees het volgens Ef 5: 18-10 ‘n getuienis, lof en dank karakter het. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Die beskrywing van die erediens as fees bring belangrike positiewe aspekte van die erediens na vore Die uitdrukking lê saam met die term verbondsgemeenskap klem op die gemeenskaplikheid van die erediens. Mense kom uit alle sosiale groeperinge saam om fees te vier, waar koinonia sigbare gestalte vind.

Die erediens is dus waarlik ‘n gemeentelike aksie waarin nie net die liturg nie, maar ook die hele gemeente volwasse deelnemers is. Tweedens word die blydskapskarakter deur die feesgedagte treffend uitgedruk. ‘n Fees is ‘n blye geleentheid waarin menslike hartlikheid en vreugde die belangrike elemente is . Die fees vind ook plaas rondom ‘n bepaalde geleentheid wat in die geval van die erediens die verbondsverhouding is. Die gedagte van die fees dui ook hier implisiet op die geestelike karakter en spiritualiteit van die erediens.

Tradisioneel het die Gereformeerde eredienste ‘n baie koue rasionele karakter waarin die gelowige nie baie van die diepe persoonlike verhouding met God beoefen nie.

Om die erediens as ‘n fees te sien, bring hierdie belewing van die diepe persoonlike verhouding met God ook na vore. Die uitdrukking van die erediens as fees is ‘n beter omskrywing as ontmoeting, omdat die begrip die veelsydigheid van die erediens beter beskryf. (**Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?)**

3.12. Die erediens as gesamentlike aanbidding.

Die erediens kan ook beskryf word as die geleentheid waar gelowiges saamkom om te aanbid. Hier val die klem op die aanbidding as ‘n vertikale verhandeling en op die onderlinge byeenkoms van die gelowiges

3.13. Verouderde bedieningspatrone.

Daar kan met reg gesê word dat die basiese patroon van gereformeerde bediening oor die afgelope eeu ten spyte van groot maatskaplike verandering wat in die land plaasgevind het, nie veel verander het nie. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Huis besoek deur die predikant en ouderling vind nog grotendeels plaas op die model van dekades gelede. Dit is ook nog duidelik dat die gereformeerde bediening steeds merkbare trekke toon van die instituutmodel waarin die diens van die ampte nog sentraal staan ten koste van die diens van die gelowige **(Voster J.M is die Kerk funksioneel, 1996, 117).**

Die uitoefening en belewing van Koinonia kom nie werklik tot sy reg nie, behalwe in die erediens**(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel? 1996)**

In sekere gemeentes kry jy egter die gebruik dat sosiale aksies soos gemeentekampe en ander sosiaal geestelike aktiwiteite en ander byeenkomste gereël word om koinonia te bevorder en onderlinge verhoudinge te bevorder, maar hierdie aksies bly dikwels kosmeties van aard. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Diè aksies bevorder egter bekendheid met mekaar en vriendskappe maar vestig nie ‘n kultuur van blywende koinonia nie, juis omdat voortgaande meelewing en diensgerigtheid ontbreek. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Bybelstudiegroepe, diensaksies, soos bv die jeugverenigings, vroudiens- verenigings, manne verenigings en koor aktiwiteite is wel positiewe praktyke maar hulle betrek slegs ‘n klein deel van die gemeente en dikwels is dit dieselfde persone wat oral diens doen en betrokke is, wat oor en oor betrokke is en moet wees.

Hierdie gefundeerde bediening het meegebring dat gereformeerde bediening vir die mens al hoe meer irrelevant geword het soos blyk uit die daling in lidmatetal en die afname in kerklike betrokkenheid wat die gereformeerde tradisie tans ondervind.

Gereformeerde bedieninge het nie daarin geslaag om “die tye te verstaan**” (Burger, 1996, in Voster,J.M, Is die kerk funksioneel ?)**

Die gebrek aan stelselmatige vernuwing in die bediening lei tot ‘n ongemotiveerde verknogtheid aan die vorme van die verlede en dat die gelowige se visie ten opsigte van sy rol en roeping en selfs op God as die Skepper, begin taam, en vervaag.

Die kerk word dan vir die mens ‘n bastion, vir die behoud van die tradisionele patrone en gelowiges word nie meer gemotiveer om volledig Christene te wees in nuwe tye en veranderende omstandighede nie.

Om die Bybelse eis en die soeke na koinonia vandag effektief aan te spreek, sal die Gereformeerde bediening op grond van Bybelse bediening ook in hierdie opsig vernuwe moet word. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Daarmee word nie ‘n radikale breek met die verlede of die invoering van allerlei kunsmatige oppervlakkige aksies bepleit nie. Waarna gesoek moet word is bedieningspatrone wat Bybels-prinsipieel verantwoordbaar is. Die positiewe en werkbare van die verlede behou en wat op gefundeerde en effektiewe wyse die problematiek van die veranderde samelewing en in besonder die soeke na gemeensaamheid aanspreek. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

3.14 ‘n Lewende erediens.

Die gemeenskap van die gelowiges word sigbaar uitgedruk in die erediens.want in die erediens kom die gelowiges immers byeen om God gesamentlik te aanbid.

Besondere klem moet gelê word op die” gesamentlikheid”van die erediens en die essensiële hiervan , moet in die huidige bedieninge uitgebou en benadruk word. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Die indruk wat bestaan dat die Gereformeerde erediens ‘n monologiese karakter het waarin die liturg aktief is en die res passief, moet uit die weg geruim word omdat die indruk indruis teen die **wese** van die erediens. Die erediens moet” worship” wees in die ware sin van die woord. Hierdie “gesamentlikheid” kan uitgedruk word in die sing van gesange of koortjies, belydenis van geloof, gebed, verootmoediging en barmhartigheidsdiens. **(Voster,J.M, Is die kerk funksioneel?1996)**

Die gemeenskap van die gelowiges word veral treffend weerspieel in die viering van die nagmaal. Daar is die Here en sy volk bymekaar as ‘n vooruitwysing na die “bruilofsmaal van die lam.”

In Gereformeerde bediening moet veel meer klem gelê word op die vieringe van die nagmaal sodat die gemeenskapskarakter duidelik na vore kom sonder om die ander fasette van die sakrament af te skaal. Dit kan gedoen word deur meermale nagmaal te vier soos die gebruik was in die Christelike kerk. (**Walker, 1992,in J.M.Vorster, Is die kerk funksioneel?).**

Wat egter belangrik is is dat die eenheid en spiritualiteit wat deur die erediens as gesamentlike aanbidding geskep word, moet uitkring na al die ander fasette van die kerk. Koinonia moet nie by die erediens ophou nie. Die gees van die erediens moet gekenmerk word deur ‘n konstante invloei in die lewe, deur die week, van Sondag na Sondag. (**Walker, 1992:,in J.M.Vorster, Is die kerk funksioneel?)**

Die lewende erediens moet dien as die kragstasie wat die vitaliteit van geloofs verhoudinge in die samelewing daadwerklik uitbou. Erediens en lewe moet geintegreer word sodat die post moderne mens die laste van invidualiste__en privatisering kan afskud. Die kwaliteit van gemeenskapsbelewing in die daaglikse lewe word wesenlik bepaal deur die kwaliteit van gemeenskapsbelewing in die erediens. Vernuwing van die erediens sal ook positief bydra tot vernuwing van gemeenskapsbelewing. (**Walker, 1992,in J.M.Vorster, Is die kerk funksioneel?).**

Hoofstuk 4: Wat is dus die beginsels van verantwoordelikke vernuwing.
(Tom Long,beyond the Worship Wars,2001)

Proffesor Hendriks **(Hendriks,JH Nov, 2003, intree rede, Die Toekoms van die Kerk, Die Kerk van die Toekoms)** toon aan in sy profesorale intree rede dat die getale van die hoofstroom kerke in al hoe groter mate van sy lidmate aan die Charismatiese kerke afstaan.

Die vraag kan dus met reg gevra word of dit dan ‘n internasionale tendens is dat mense gewoon nie meer in die kerk in die algemeen en dan in die erediens in die besonder belangstel nie.

As Hendriks **(Hendriks,JH Nov, 2003, intree rede, Die Toekoms van die Kerk, Die Kerk van die Toekoms)** dus aandui dat die getale van die charismatiese en pinksterkerke toeneem en dat die onafhanklike Afrikakerke ook dieselfde stygende tendens toon, laat ‘n mens egter wonder of die probleem hier in Suid Afrika grotendeels aan die internasionale tendens toegeskryf kan word. Na my mening kan dit gedeeltelik waar wees.

“If you have a new world, you need a new church”, (**McLaren,200 The church on the other side)** dit laat ‘n mens besef dat die probleem tot ‘n groot mate op ‘n ander terein lê.

Een van die probleme is na my mening dat die kerk nie soos die tye verander, ook sy styl van aanbieding verander het nie. Gevolglik het het dit nie rekening gehou met die lidmate se geestelike behoeftes nie. Teneinde dit te kon doen, sou moes beteken dat daar ‘n gewilligheid by kerke en kerklike strukture wees om te verander. En dit juis hier waar die probleem lê. Verandering is pynlik. Verandering is ongemaklik. Verandering word nie altyd sinvol gedoen nie. Verandering word heel dikwels aangepak sonder dat enigiemand weet waaroor dit regtig gaan.

Dit is dan juis wat Thomas Long in sy boek**” Beyond Worship Wars”** wil doen, is om aan hierdie behoefte te voorsien. In hierdie boek dui hy nege beginsels aan wat hy dink waarmee rekening gehou moet word by die proses van veradering of vernuwing.

Reeds in die inleiding van die boek waarsku hy egter vroegtydig dat tenspyte van goeie voornemens daar altyd probleme sal wees.

“ This book is about excellence in worship and about model congregations that have achieved a high level of excitement, energy, and meaning in worship. However we need to remind ourselves that even when Christian worship is at its best, it is much like that Mothers Day breakfast. It is always the work of amateurs, people who do this for love, kids in the kitchen overcooking in prayer, half-baking the sermons and crashing and stumbling through the responses on the way to an act of adoration” (**Long 2001:Vii)**

4.1. Hy (Long) stel die volgende uitdagings:

- Hoekom mense na die erediens gaan. Koinonia met God en ander gelowiges
- Mense kom erediens toe om ‘n gevoel van “ek behoort aan” te ervaar.
- “All the World ‘s a Stage and Heaven , Too
- Die uitdaging van musiek
- Tente , tempels en tafels, die aanbiddingsruimte
- Diensbaarheid, Op plaaslike vlak
- Uitnodiging na die vreudesdans, herinnering en viering
- Leierskap

4.2. Waarom besoek mense die erediens?.

Hier is Long van mening dat daar verskeie redes is waarom mense die erediens besoek:

- Uit gewoonte
- Uit dankbaarheid
- Skuldgevoelens
- Lojaliteit en vele meer...

Daar is natuurlik verskeie rede hoekom mense na die erediens gaan **(Long 2001:15-41)** bespreek twee redes nl:

1. Koinonia met God en met ander gelowiges.
2. Om in die teenwoordigheid van God te wees en om iets van die misterie van God se teenwoordigheid te ervaar.Maar hulle gaan ook na die erediens om in die teenwoordigheid van ander gelowiges te wees.

Hy is van mening dat aanbidding gaan om die diepste behoeftes van menswees te vervul. Hy sien die aanbiddings aspek as ‘n spontane reaksie van mense. **“Worshiping God is not simply a good thing to do it is a necessary thing to be human” (Long 2001:17)**

Die uitdaging lê vir hom daarin dat die erediens fyn beplan moet word dat alle struikelblokke uit die weg geruim moet word en dat alle aanbiddingspogings opreg aangebied en beleef moet word. Wat daarby gevoeg kan word is opregtheid en egtheid.

Die mense en veral lidmate het die ongelooflike vermoë om aante voel wanneer die optrede van die liturg of selfs medegelowiges nie opreg is nie.

Wanneer mense bewus word dat hulle in die teenwoordigheid van die lewende God is, daar is waar ware aanbidding plaasvind.

Hy waarsku egter dat alhoewel die behoefte aan opregte aanbidding mens na die erediens trek, is dit ongelukkig so dat nie alle aanbidding kan deurgaan as ware aanbidding nie.

Dit is egter ongelukkig so dat baie eredienste die karakter van vertoon aanneem en dat daar op karikatuuragtige wyse met die erediens omgegaan word.

Wat daar aangaan het allermins te doen met die eer van God. Baie keer gaan dit om die streling van die ego en die tevredestel van die lidmaat **(inesence , worship is what happens when people became aware that they are in the presence of the living God. Trying to turn worship into something usefull outside the encounter or attempting to make it cosmetically more appealing misunderstands its basic character (Long 2001:18).**

Dikwels kry ‘n mens die gevoel dat in baie erediens word ‘n groot premie op die emosionele belewing van die erediens geplaas terwyl al die ander “senses” totaal geignoreer word. Dit behoort in die erediens nie te gaan om mense te vermaak nie.

Ware aanbidding bestaan daarin dat God met ons bemoeienis maak en ons met Hom. Long gebruik die verhaal van Moses by die brandende bos en dui aan dat daardie ontmoeting tussn God en Moses die manifestasie was van God se teenwoordigheid by Moses, en daarom reken hy gaan ware aanbidding oor ons verslaentheid en dat dit nie ‘n strategie is nie. **(Long 2001:19)**

Ware aanbidding is dus ‘n misterie “**first and formost, we need a mystery, that is we need God . Specifically , we need to be in communion with God, to belong to God, to be in right and loving relationship with God” (Long 2001:19)**

Wanneer die liturg dus sy erediens beplan is dit absoluut van kardinale belang dat moontlikhede gesoek en beplan word om God as misterie te beleef. Wat egter ook van belang is , is die feit dat gelowiges saam as geloofsgemeenskap daardie misterie van God sal beleef.

4.3. Mense kom erediens toe om 'n gevoel van "ek behoort aan" te ervaar.

Hierdie gedagte sluit aan by die voorafgaande punt. **"people are drawn to worship not only to be in the presence of God, but also to be in of other people –people who know our names and shake hands and welcome us into the circle" (Long 2002: 25)** Mense kom dus soms na die erediens met die behoefte dat hy/sy deur mense aanvaar sal word. Mens wil hê dat andere hulle sal ken en sal liefhê.

"All the World's a Stage and heaven, Too"
"**Worship is the celebration and dramatization of God's story**". **Indeed , the third mark of the vital congregations is that they have rediscovered the authenically dramatic qualities of worship and have worked to make those qualities more evident and available to the participants" (Long 2001:43)**

Hy vra met reg die vraag of die liturgiese handelinge in eredienste nie soms te dramaties geraak het nie.

Long oordeel ook dat dit in sommige gevalle gebeur dat die fokus van aanbidding vanaf God verskuif is na die bevrediging van die behoeftes van mense

4.4. Die uitdaging van musiek.

Die element van sang in die erediens het die ongelooflike vermoë om 'n atmosfeer van welkom en intimiteit te skep. Long identifiseer musiek as nog 'n karakter einskap van 'n "derde weg" gemeente. **(Long 60-64).** Musiek wat soos hy dit beskryf, gemeentelik en uitstekend elektries in styl en genre is.Gemeentelik, omdat daar baie musiek is en die gemeente daaraan deel het. Die gemeente luister nie soseer na die musiek nie, maar hulle luister en aanbid met dit. Uitstekend omdat dit funksioneel en intern is.

Dit moet musiek wees wat inherent aan die gemeente is, maar ook funksioneel interme van die liturgie. Tog moet die gemeente uitgedaag word om nie net maar te bly by dit wat hulle ken nie maar, om nuwe liedere aan te leer en om hulle standaard van musiek nog hoër te lig.

Met hierdie beginsels spreek Long ‘n baie sensitiewe saak aan. Menige gemeentes het al geskeur of individue het die kerk verlaat vanweê die hele kwessie oor musiek. Geen wonder Long noem dat **“Music is the nuclear reaction of congregational worship” (Long:2001:53).**Wat die saak vandag soveel meer kompliseer, is die wye verskeidenheid van musieksoorte en musieksmake. Elke generasie beskik oor sy eie musieksmaak en binne ‘n generasie kan daar ook nog verskille voorkom. Long beskou musiek as ‘n magtige medium en formatief in religieuse ervaring, die rede is eenvoudig, musiek ontlok herinneringe, emosies, ervaring ,aspirasie ensomeer.

Musiek mag egter nooit binne die erediens gebruik word vir die genot of estetiese waarde daarvan alleen nie.. Musiek behoort as ‘n aanbiddings medium te funksioneer. Derhalwe is dit ook belangrik dat musiek moet spruit vanuit die woord, want op hierdie wyse dien dit as getuienis asook as prediking**. “Good music is that which empowers the congregation and gives the congregation a means to express the thoughts and feelings of their worship”(Long 2001:62).**

4.5. Die aanbiddingsruimte.

Hier raak Long ‘n moeilike haalbare beginsel aan. Dit gaan hier naamlik om die fisiese ruimte vir aanbidding. In sommige kringe word ook gepraat van die liturgiese ruimte. Wanneer daar gedink word om hierdie aanbiddings ruimte te verander, is daar baie ander oorwegings wat in aanmerking geneem moet word. Van hierdie probleme is finansiêle en tegniese probleme wat kan verhinder dat hierdie ruimte moeilik verander of aangepas kan word. Dat hierdie verandering van hierdie ruimte ook as ‘n vernuwing gesien kan word. Dat hierdie verandering van hierdie ruimte ook as ‘n vernuwing gesien kan word, kan natuurlik goed glo.

Volgens Long is goeie aanbidding egter nie die resultaat van goeie dekor en tegnologiese uitvindsels nie, maar eerder die manier hoe daar teologies gereflekteer word oor die vorm van aanbidding.

Long onderskei sewe praktiese voorbeelde hoe die beelde van tent, tempel en tafel in die aanbiddingsruimte toegepas kan word naamlik:

- **Die bymekaar kom ruimte**: Mense kom van alle oorde om God te aanbid.
- **Spasie vir beweging**: Daar behoort ruimte ingerig te word waar mense byeen kan kom vir aanbidding, sang en ander erediensaktiwiteite.
- **Gemeentelike ruimte:** Verwys na die manier hoe die gelowiges in die erediens sit. Hierdie aspek kan ware gemeenskap met mekaar positief of negatief beinvloed.
- **Spasie vir optrede**: Dit is 'n vaste ruimte vir die gemeente koor of ander groepe. Dit het die voordeel dat die atmosfeer van die erediens nie verbreek word wanneer hierdie groepe moet optree nie.
- **Altaar, Doop en Predikings ruimte**: Verkieslik behoort hierdie ruimte so na as moontlik aan die mense wees.

Die vernuwing van die liturgiese ruimte kan daartoe bydrae dat "worship vibrates with the potential of an encounter between God and humanity, an engagement that wil break out in song and movement, praise and devotion, surrender and service **(Long 2001:76)**

Diensbaarheid-op plaaslike vlak sowel as in breër sending inisiatiewe

Dit kan nooit gebeur dat 'n gemeente slegs terwille van homself mag bestaan nie. Sommige gemeentes voer konstant 'n stryd om oorlewing. Die gevolg is dat daar slegs gekonsentreer word op die self.

Long is van mening dat ware aanbidding nooit selfgesentreerd is of moet wees nie, maar die produk van die interaksie tussen God en mens en mens tot mens is "**Churches develop reputations, theologically, programmaticaly, and missionally because they channel their resources in this or that direction, and so far as these reputations are accurate they represent decisions these congregations have made about how they wil spend their money, time and energy" (Long 2001:79).**

Die betrokkenheid van 'n gemeente by sekere aksies, bring mee dat daardie gemeente 'n sekere 'n sekere identiteit ontwikkel. Ek is vas daarvan oortuig dat 'n gemeente wat 'n gemeenskaplike doel voor oë het, baie beter vaar as gemeentes wat bloot daar is terwille van voortbestaan. Dit is egter van uiterste belang dat die hele gemeente 'n visie vir dienswerk en sending moet ontwikkel. Geleenthede moet vir gelowiges geskep word tydens die erediens om meer te wete te kom van sending en dienswerk , dat hulle daarvoor kan bid, of dat hulle hulself kan verbind om deel te wees van sulke sendingpogings.

4.6. Uitnodiging na die vreugdesdans en vieringe.

Long is van mening dat ten einde vir ‘n gemeente om effektief te aanbid, moet die volgende drie faktore teenwoordig wees: stabiliteit, betekenisvol sodat aanbidders met hulle hele wese daaraan kan deelneem, verskeidenheid van gebede, belydenisse, liedere ensovoorts.

Annbidding is in sy wese ‘n daad wat vanuit die hart kom. “n Handeling wat vanuit die diepste wese na vore kom.. Long reken dat een manier om dit reg te kry is dat jy moet verstaan wat binne die erediens gebeur. Dit beteken dat die orde betreklik stabiel behoort te wees.

Dit is nodig dat die gelowiges die orde en betekenis van die liturgie moet verstaan ten einde daaraan te kan deelneem, meer nog dit kan alleen verstaan word indien dit aangeleer word.

Long gebruik die voorbeeld van die aanleer van ‘n dans. Indien iemand ‘n nuwe dans wil baasraak, moet hy/sy bereid wees om daardie passies in te oefen en vooraf aan te leer. Hy is van mening dat tenspyte dat dieselfde prinsiep by die erediens van toepassing is. Verder is hy ook van mening dat tenspyte van die feit dat daar sekere liturgiese middels deur die jare gebruik is, verhinder dit egter niemand om nuwe metodes ook aan te wend nie.

Dit is om hierdie rede dat tydens die erediens daar tyd ingeruim moet word om die lidmate te leer. Long reken dat ten einde die erediens ‘n vreugde ervaring te maak, behoort gemeentes meer gereeld die rituele van die nagmaal, doop, gebede ensomeer saam uit te voer. Prediking is lankal nie meer eenrigting kommunikasie nie. Dit gaan in die erediens eerder om ‘n respek rondom die woord van God. Daardie gesprek word met entoesiasme en blydskap gevoer, want God word ervaar met liggaam, siel en gees.

4.7. Leierskap

Volgens **(Long 2001:100),** is ‘n goeie leier iemand wat bereid is om soos Christus te wees, wat lei en toelaat dat die erediens ‘n plek van gasvryheid is en die deel van gawes is. Hy beklemtoon dan ook die volgende karaktertrekke van ‘n leier:

- Hy het ‘n goeie positiewe persoonlike persoonlike band met die gemeente.
- Hy is entoesiasties, vol energie, passie en sorg vir die gemeente, omdat dit is hoe Christus met die gemeente sou wees.
- “n Goeie leier versamel die gawes van die gemeente en laat toe dat daardie gawes tot hulle reg kom. ‘n Goeie leier weet nie hoe om nee te sê wanneer iemand vra om tydens die erediens iets te doen nie, bv spontaan opstaan en ‘n getuienis wil lewer, of om iets met die gemeente te deel nie.
- Hy moet egter die vermoë kan ontwikkel om te kan onderskei wanneer iets afbrekend of opbouend is tot die erediens.
- “n Goeie leier deel die liturgie met ander.
- “n Goeie leier moet in woord en daad die heilige karakter van die erediens beliggaam **(Long: 104**), hy skryf dan ook hoe die liturg ‘n twee ledige rol het.Hy kom vanuit die gemeente, maar kom na vore en staan voor die gemeente om te praat en te handel in die naam van Christus. Wanneer hulle hierdie twee ledige rol vervul, het leiers ‘n groter vrymoedigheid.
- Die erediens hang egter nie van hulle af nie.aar verteenwoodig Christus in ‘n sekere sin.
- Aanbiddingsleiers behoort goeie kontak met die gemeente te bewerkstellig, maar moet altyd die fokus op God plaas en nie op hulself nie.
- Hulle moet die gawes van die gemeentelede kan identifiser, dit bymekaar bring en gebruik.
- Hulle behoort veral tydens die aanbidding mekaar te help.
- Leiers behoort in woord en daad die heilige karakter van aanbidding te beliggaam.

Long maak dit baie duidelik dat die rol van leiers ‘n belangrike rol speel. Enige vernuwing of veranderingsaksie kan val of staan afhangende van die leier. Hulle bepaal die verloop en die atmosfeer van die erediens. Long waarsku egter teen die feit dat die **charisme (my woord)** van die leier dikwels kan veroorsaal dat die oog van die leewnde God afgehaal kan word. Derhalwe gee hy aantal dinge deur wat die leiers in die eredienste behoort te doen.

4.8. Samevating

Dit is baie duidelik dat veral die hoofstroom kerke in Suid-Afrika in ‘n oorgangsfase is wat betref die erediens. Binne hierdie oorgangs fase behoort die kerk opnuut te gaan kyk na haar identiteit. Andersyds behoort daar egter ook gekyk te word na die behoeftes van die kerk se lidmate.
Die nuwe toekoms wag . Na my mening en daarvan is ek oortuig dat die kerk geen ander keuse het om te verander nie.

In hierdie oorgangsfase is daar baie persone wat paradigmaskuiwe moet maak, ook leraars en kerkrade. Daar moet onthou word dat die kerk aan God self behoort en nie die eiendom van die predikant, kerkraad of lidmate in kompitisie met mekaar is nie. “ The church belongs to Christ, and the Holy Spirit empowers all of its members to be ministers**” (Long 2001:99)**

Hieroor het Long die laaste woord as hy sê:

“Every church menber and every pastor would love for congregational worship to become vital, more exiting, more faithful to the Gospel, and moer appealing to people outside the church. But getting there means real change , and significant change is almost difficult, threatening and controversial” (Long 2001: 107)

Bibliografie

1. **Boshoff, H, 1990.** ***Samelewings veranderinge en die kerk,in die negentiger jare: moontlike implikasies,Potchefstroom, Instituut vir Toekoms studies***

2. **Burger, CW, Gemeentes in transito,** ***Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangs tyd. Kaapstad:Lux Verbi***

3. **Burger ,C. 1999.** ***Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch:BUVTON***

4. **WA Boesak en PJA Fourie,** ***Vraagtekens oor Gereformeerdheid, 1998, LUS uitgewers, Privaatsak X1, 7507 Belhar***

5. **Hendriks, JH (Nov 2003),** ***Intree rede as proffesor aan die Universiteit van Stellenbosch , Die Toekoms van die kerk, Die kerk van die toekoms***

6. **Hendriks JH,** ***Studying congregations in Africa. Lux Verbi.BM. Wellington***

7. **Hendriks JH,1992,** ***Strategiese beplanning in die gemeente,die beginsels en Praktyk Van Gemeentevernuwing, Hugenote-Uitgewers, Wellington***

8. **Johnston, G2001.** ***Preaching to Post-modern world. Michigan:Baker Books***

9. **Jonker,WD,** ***Die eie aard van Gereformeerde Spiritualiteit, NGTT, 30, 228-229***

10. **Johnson, Ben, 1995,** ***New Day, New Church***

11. **König, A 1989.** ***Vernuwe of verdwyn. Hoe oop is die NG Kerk vir verskillende vorme van aanbidding ? Lux Verbi, Kaapstad.***

12. **Long, TG ,** ***Beyond the Worship Wars,building vital and faithfull Worship. USA: Alban Institute,200***

13. **Newbigin, JEL,1989.** ***The Gospel in a Pluralist society. Grand Rapids: William B Eerdmans***

14. **NG Kerk Boekhandel,1979,** ***Riglyne ten opsigte van Charismatiese bewegings en charismatiese gawes. NGKerkBoekhandel Transvaal***

15. **Richter,J.** ***Het ons hart nie warm geword nie BUVTON, Stellenbosch,1998***

16. **Smit, DJ, 1990,** ***"Oor die unieke openbare rol van die kerk"Tydskrif vir Geesteswetenskappe 3:190-204***

17. **Smit, DJ 1990, "*****Kan Spiritualiteit beskryf word. NGTT, 30/1 83-94***

18. **Smit, 1989,** ***Wat is gereformeerde spiritualiteit. NGTT, 29/1,182-193, deel xx1, no 2 April 1988***

19. **The Renewal of the church,** ***Evangelical Review of theology, vol 13, pp66-68***

20. **Voster,J.M,*****Is die kerk funksioneel, Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 1996***